

DIE KULTURE VAN GREEFSWALD

Deel II

J F ELOFF

DIE KULTURE VAN GREEFSWALD

'N ARGEOLOGIESE STUDIE VAN DIE YSTER=
TYDPERKKULTURE OP DIE PLAAS GREEFSWALD

DEEL II

J F Eloff

Departement Argeologie
Universiteit van Pretoria

Mei 1979

INHOUDSOPGAWE VAN DEEL II

Bladsy

HOOFSTUK 5.	OORSIG VAN TEGNIESE SKEPPINGE	
	Boustrukture	1
	Metallurgiese skeppinge	11
	Krale	28
	Werktuie van been, ivoor en skulp	42
	Klipwerktuie	43
	Bylaes	
HOOFSTUK 6.	KERAMIEK deur A Meyer	
	Doelstelling	45
	Metodiek	45
	Attribute van die potwerk	55
	Samestelling van tipe-series binne stratigrafiese verband	141
	Vreemde potwerk op die Greefswald= terreine	192
	Samevatting	193
	Bylae	

HOOFSTUK 5. OORSIG VAN TEGNIESE SKEPPINGE

INHOUD

	Bladisy
1. ALGEMEEN	1
2. BOUSTRUKTURE	1
2.1 ALGEMEEN	1
2.2 HUTTE EN VLOERE	2
2.2.1 Algemeen	2
2.2.2 Huttipes	2
2.2.3 Vloere	5
2.3 KLIPSTRUKTURE	7
2.3.1 Algemeen	7
2.3.2 Klipstruktuur-tipes	7
2.4 SAMEVATTING	9
2.4.1 Algemeen	9
2.4.2 K2	9
2.4.3 Die Suidelike Terras en Mapungubwekop	10
3. METALLURGIESE SKEPPINGE	11
3.1 ALGEMEEN	11
3.2 Tipes METALLURGIESE SKEPPINGE	12
3.3 KLASSIFIKASIE-TABELLE	16
3.3.1 Terrein K2	16
3.3.2 Terrein Suidelike Terras	21
3.3.3 Terrein Mapungubwekop	24
3.4 SAMEVATTING	28
4. KRALE	28
4.1 ALGEMEEN	28
4.2 KRAALTIPES	29
4.3 KLASSIFIKASIE-TABELLE	32
4.3.1 Terrein K2	32
4.3.2 Terrein Suidelike Terras	35
4.3.3 Terrein Mapungubwekop	37
4.4 HISTOGRAMME	38
4.4.1 Terrein K2	38/1
4.4.2 Terrein Suidelike Terras	38/15
4.4.3 Terrein Mapungubwekop	38/24
4.5 SAMEVATTING	39
5. WERKTUIE VAN BEEN, IVOOR EN SKULP	42
5.1 ALGEMEEN	42
5.2 TIPE-IDENTIFIKASIE EN KLASSIFIKASIE	42
5.3 SAMEVATTING	53

	Bladsy
6. KLIPWERKTUIE	43
6.1 ALGEMEEN	43
6.2 Tipes Klipwerktuie	44
6.3 KLASSIFIKASIE-TABELLE	48
6.3.1 Terrein K2	48
6.3.2 Terrein Suidelike Terras	51
6.3.3 Terrein Mapungubwekop	52
6.4 SAMEVATTING	53
7. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5	53
7.1 ALGEMEEN	53
7.2 TERREIN K2	54
7.3 TERREINE SUIDELIKE TERRAS EN MAPUNGUBWEKOP	55
7.4 VERGELYKENDE OPSOMMING	57
BIBLIOGRAFIE	59
8. BYLAES	
8.1 BYLAE 5/1. Verslag oor hutvloere en potskerwe deur N.B.N.I. (WNNR)	
8.2 BYLAE 5/2. Verslag oor metallurgiese monsters deur Departement Metallurgiese Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria	
8.3 BYLAE 5/3. Verslag oor glaskrale deur Claire C Davison	
9. FOTO'S	

HOOFSTUK 5. OORSIG VAN TEGNIESE SKEPPINGE

1. ALGEMEEN

Die doel van hoofstuk 5 is om 'n oorsig te gee van die tegniese skeppinge van die Greefswald-bewoners en sodoende 'n algemene beeld van hulle lewenswyse te kan vorm. Soos reeds in hoofstuk 3 verduidelik is, is die beskrywing van die vondste daarop ingestel om in die eerste plek die konteks van die materiaal aan te dui, en in die tweede plek die artefaktipes en ander oorblyfsels te identifiseer wat lig kan werp op die karaktertrekke van die betrokke kultuur. Omvattende ondersoeke van alle vondstemateriale kan nie uitgevoer word met die fondse en tyd wat vir die opgrawings-ondersoek bestem is nie.

In die gevalle waar tegniese skeppinge deur deskundiges ondersoek is, word na die betrokke verslae verwys.

Die skeppinge wat hier ter sprake is, is boustrukture, metallurgiese skeppinge, kralewerk, beenwerktuie, klipwerktuie. Hierdie tegniese skeppinge word vervolgens behandel.

2. BOUSTRUKTURE

2.1 ALGEMEEN

In sommige gevalle vorm die oorblyfsels van sekere soorte boustrukture die grootste deel van 'n stratum. Gedurende die verloop van die opgrawings word hierdie strukture meestal vernietig en daarom is elke boustruktuur noukeurig binne stratigrafiese verband beskryf in hoofstuk 4 wat oor die stratigrafie van die Greefswald-terreine handel. In hoofstuk 5 word slegs 'n tipering van die betrokke boustrukture gemaak. Ter aanvulling hiervan word verwys na die stratigrafiese detailbeskrywings in hoofstuk 4 asook na sketsfigure 98 en 99 in deel V waarin die stratigrafiese verspreiding van soorte boustrukture diagrammaties aangetoon word.

Twee groepe boustrukture kan onderskei word. Die een groep is hutte en vloere wat prominent in die woonlae voorkom en die ander is klipstrukture, waarvan sekere tipes in woonlae voorkom. Die verskillende soorte boustrukture word ver= volgens bespreek.

2.2 HUTTE EN VLOERE

2.2.1 Algemeen

Afgebrande oorblyfsels en ander tekens van hutte kom dikwels in die afsettings voor, maar in baie gevalle kan die huttipies nie geïdentifiseer word nie. Die planvorms van hutte kon gerekonstrueer word m.b.v. vloere, fondasieslote, paalgaatjies en verkoolde paaltjies en volgens daardie planvorms is die huttipies bepaal. Die aanwesigheid van verkoolde paaltjies, paalgate en gebrande muurklei met paalmerke dui daarop dat die hutmure uit pale bestaan het en met sanderige klei afge= pleister is. Die pale is naby mekaar ingeplant in fondasie= slote wat normaalweg om en by 5 cm tot 15 cm wyd was.

Deur-Openinge is selde gevind. Geen dak-oorblyfsels is waargeneem nie, met uitsondering van gebrande gras in laag 6 van blok K8 op die Suidelike Terras. Hierdie gras is ver= moedelik oorblyfsels van 'n grasdak. Sommige hutte het geen vloere nie, terwyl ander sand- of gruisvloere vertoon. Die vloere word afsonderlik bespreek.

2.2.2 Huttipies

Met behulp van planvorms is vier soorte hutte onderskei.

Tipe 1. Dit is 'n klein tipe hut met 'n sirkelvormige planvorm. Die deursnee van dié hutjie is tussen 50 cm en 140 cm. Die paaltjies was sowat 3 cm tot 4 cm dik en 2 cm tot 10 cm van mekaar gespaseer. Geen tekens van deuropeninge of vloere is in die hutjies waargeneem nie. Dit was waarskynlik 'n stoor= hut vir graan en ander voedsel. (Vgl. deel V: sketsfig. 8b,

detail F4.9(i).2 en F4.9(i).3; sketsfig. 61, detail A3.4.2; deel IV:foto 19).

Tipe 2. Dit is 'n klein hut met 'n sirkelvormige planvorm en 'n deursnee van tussen 50 cm en 140 cm, d.w.s. dieselfde as dié van tipe 1. Ook hier is geen tekens van 'n deuropening gevind nie, maar 'n vloer kom wel voor. Die vloer is gewoonlik gemaak van gekompakteerde sand en is brokkelagtig, maar soms is dit van gekonsolideerde gruis gemaak, bv. dié van hutjie nr. H5.5.2 in blok H5, laag 5, op die Suidelike Terras. Die pale was sowat 3 cm tot 6 cm dik, sowat 3 cm tot 6 cm van mekaar gespaseer en ingeplant in 'n fondasiesloot wat sowat 10 cm wyd was. Dit was waarskynlik ook 'n stoorhut. (Vgl. deel V: sketsfig. 11g, detail H5.5.1 en H5.5.2; sketsfig. 58, detail Bl.3(i).2, Bl.3(i).3; sketsfig. 61, detail Al.4.2, Al.4.3; deel IV: foto 27).

Tipe 3. Dit is 'n mediumgrootte hut met 'n sirkelvormige planvorm en 'n deursnee wat taamlik varieer van 140 cm tot 300 cm. Duidelike tekens van 'n deuropening is nog nie gevind nie. Die vloer is in die meeste gevalle sanderig en brokkelagtig, maar harde gruisvloere kom ook in die hut tipe voor. Daar is geen aanduidings waarvoor hierdie tipe hut gebruik kon gewees het nie. Die kleinere hutjie kon as gewone stoorhutte gedien het en die groteres as slaaphutte. (Vgl. deel V: sketsfig. 12e, detail H5.6(iii).3, H5.6(iii).4; sketsfig. 32b, detail A9.3.2, A9.3.3; sketsfig. 33a; sketsfig. 33b; sketsfig. 34a; sketsfig. 87, detail B3.11.2; B3.11.3; deel IV: foto's 29, 40, 41, 92)

Tipe 4. Dit is 'n betreklik groot tipe hut met 'n sirkelvormige of ovaalvormige planvorm. Dit het 'n buitemuur met 'n binne-ruimte-deursnee van tussen 350 cm en 500 cm. Die pale van die muur is 3 cm tot 7 cm dik, 1 cm tot 5 cm van mekaar gespaseer in 'n fondasiesloot wat 5 cm tot 10 cm wyd was. In hierdie binneruimte is 'n sirkelvormige binnemuur wat 'n binnevertrek met 'n horisontale deursnee van tussen 200 cm en 300 cm vorm.

Die pale van die muur is 3 cm tot 5 cm dik, 1 cm tot 5 cm van mekaar gespaseer en ingeplant in 'n fondasiesloot wat 4 cm tot 10 cm wyd was. Dit is dus 'n soort dubbelmuur-hut. Gruisvloere met oorblyfsels van trappe kom in die hutte voor. Slegs een deuropening is geïdentifiseer, dit is 'n opening in hutmuur O1.3(iv).4 in laag 3(iv) in opgraving Ts 4 op K2. Die opening was 60 cm wyd. So 'n hut op Mapungubwekop (opgraving Mk 1, laag 10; vgl. deel V, skets=fig. 85) bestaan uit 'n binnemuur (detail A4.10.4) en 'n buitemuur (detail A4.10.5) met 'n addisionele struktuur (detail A4.10.6) tussen die twee mure. Dié addisionele struktuur het naamlik bestaan uit twee parallelle rye pale wat die binnemuur en buitemuur met mekaar verbind het, d.w.s. dit was reghoekig met die mure gerangskik. Tussen die twee rye paaltjies van die struktuur was daar nie 'n vloer nie en het enkele verkoolde sade en bene hier op die woon-oppervlakte gelê. Die struktuur, d.w.s. detail A4.10.6, was klaarblyklik 'n rak in 'n stoorruimte tussen die twee mure. Daar kon nie met sekerheid vasgestel word of die buitemuur (A4.10.5) oor die volle hoogte tot teen die dak gestrek het, en of dit slegs 'n lae stoepmuurtjie was nie. Dit wil egter voorkom of dit (A4.10.5) 'n stewige muur was wat tot teen die dak gestrek het, om die volgende redes:

(i) Die buitemuur (A4.10.5) is ietwat dikker as die binnemuur; die buitemuur (A.10.5) het bestaan uit paaltjies wat sowat 4 cm tot 7 cm dik was, geplant in 'n fondasiesloot wat 5 cm tot 10 cm wyd was; die binnemuur (A4.10.4) het bestaan uit paaltjies wat 3 cm tot 4 cm dik was en ingeplant is in 'n fondasiesloot wat 5 cm tot 8 cm wyd was.

(ii) Die buitemuur (A4.10.5) het heelwat pale bevat om dit regop te hou; die pale is 1 cm tot 3 cm van mekaar ingeplant. Die pale van die binnemuur (A4.10.4) is 1 cm tot 3 cm van mekaar gespaseer.

(iii) Die paalstutte van die rakstruktuur (A4.10.6) is heelwaarskynlik aan weerskante ondersteun deur die binnemuur en die buitemuur. Lg. moes dus hoog genoeg wees vir dié doel.

Huttipe 4 was heelwaarskynlik 'n woonhut. (Vgl. deel V: sketsfig. 8d, detail F4.10.5, F4.10.6 en detail F4.10.7, F4.10.8; sketsfig. 10h; sketsfig. 59, Ol.3(iv).1, Ol.3(iv).2, Ol.3(iv).3, Ol.3(iv).4; sketsfig. 85, detail A4.10.2, A4.10.3, A4.10.4, A4.10.5; deel IV: foto's 26, 66, 67, 85).

2.2.3 Vloere

(1) Algemeen

Gemaakte vloere kom volop voor op al drie die Greefswald-terreine in hutte, buite-om hutte en op opelug-leefruimtes. In die stratigrafiese beskrywings in hoofstuk 4 word elke individuele vloer of vloergedeelte binne laagverband woorde-lyks beskryf in samehang met die sketse in deel V en die foto's in deel IV. Verskillende soorte vloere word t.o.v. struktuur en kleur onderskei. In die geval van die Suidelike Terras en Mapungubwekop is die kleur, struktuur en ander kenmerke van vloere in die boonste strata verskillend van dié in die laerliggende strata, soos in hoofstuk 4 aangedui is. Die indeling van stratigrafiese "hooflae" of "bewoningsfases" in hoofstuk 4 is deels gebaseer op hierdie verandering van vloertipes. In die geval van terrein K2 is daar geen merkbare verskille tussen die vloere van die verskillende lae nie. Geen "hooflae" is op K2 onderskei nie. Sketsfig. 98 in deel V van die verslag gee 'n skematiese voorstelling van die stratigrafiese verspreiding van die vloertipes.

Die beskrywing van die vloertipes binne stratigrafiese verband in hoofstuk 4 word gerugsteun deur waarnemings van die Nasionale Bounavorsingsinstituut (NBNI) van die Wetenskaplike en Nywerheids-Navorsingsraad (WNNR) soos hieronder aangedui. Hulle het betrekking op voorbeelde van vloertipes wat vir identifikasiedoeleindes bewaar is (vgl. bylae 5/1).

(2) Vloertipes

In hoofstuk 4 word verskeie eienskappe van die vloergedeeltes

beskryf. Vir die onderskeiding van vloertipes is twee kriteria geneem, nl. materiaal en kleur. Die tipes is die volgende.

Liggeel tot witterige gruisvloere. Volgens die NBNI-verslag kom geelwit skalie van die Stormberg-series in die Karoo-sisteem in die omgewing voor (vgl. bylae 5/1). Dit wil voorkom of die liggeel tot witterige vloere gemaak is van brokke van die geelwit skalie.

Rooi, rooibruin, pienk tot pienkbruin gruisvloere. Volgens die NBNI-verslag kom rooi tot rooibruin skalie van die Stormberg-series in die Karoo-sisteem in die omgewing voor en is brokke daarvan gebruik vir hierdie vloere.

Mosterdgeel, mosterdbruin, bruin gruisvloere. Volgens die NBNI-verslag bestaan hierdie vloere uit verweerde dolerietbasalt wat heelwat klei bevat, gemeng met die bg. skalies maar in 'n fyn vorm. In die geval van sommige vloere bestaan die boonste lagie daarvan slegs uit verweerde dolerietbasalt.

Die wit lagie of aanpaksel op vloer-oppervlaktes wat in hoofstuk 4 beskryf word, is deur die NBNI geïdentifiseer as 'n natuurlike neerslag van kalsiumkarbonaat. Die feit dat die wit lagie nie deur bewoningsaktiwiteite wegverweer het nie, is moontlik 'n aanduiding dat die vloere vir tye nie gebruik is nie.

Sketsfig. 98 in deel V van die verslag gee 'n skematiese voorstelling van die stratigrafiese verspreiding van vloer- en hut-tipes. Die stratigrafie is t.o.v. brandpuinlae, vloer-tipes, hut-tipes en potwerkkenmerke in 4 fases verdeel, met fase I as die oudste fase en fase IV as die jongste fase. Geen hut- of vloertipes kon spesifiek met fase I verbind word nie. In fase II kom al vier hut-tipes voor asook vloere van rooi en liggeel skaliegruis. In die ouer deel van fase III is die vloer- en hut-tipes dieselfde as in die

geval van fase II. In die jonger gedeelte van fase III is tot dusver slegs hut tipe 4 gevind. Die rooi en liggeel skaliegruis-vloere word ook vervang deur vloere wat gemaak is van mosterdgeel, verweerde dolerietbasalt-gruis. In fase IV is nog geen hut tipes gevind nie, wel slegs dun vloerge=deeltes van mosterdgeel dolerietbasalt-gruis.

2.3 KLIPSTRUKTURE

2.3.1 Algemeen

Verskillende soorte klipstrukture kom voor op die Greefswald-terreine. Net soos in die geval van hutte en vloere, vorm die boustrukture deel van bewoningslae en word hulle dikwels vernietig wanneer die betrokke lae verwyder word tydens die opgrawingsproses. Gevolglik is elke individuele boustruktuur afsonderlik woordeliks beskryf in hoofstuk 4, in samehang met die sketse in boekdeel V en foto's in boekdeel IV. In skets=figuur 99 in boekdeel V word 'n diagrammatiese voorstelling gemaak van die stratigrafiese verspreiding van die klipstruk=ture.

Die vyselklip-strukture wat hieronder beskryf word, bestaan deels uit die vyselklippe wat as klipwerkstukke in hoofstuk 5 bespreek word.

2.3.2 Klipstruktuur-tipes

In hoofstuk 4 word elke individuele klipstruktuur woordeliks beskryf. Sketsplanne van die laagverband daarvan is in deel V en foto's daarvan in deel IV. Die tipes wat onderskei word, is die volgende.

Tipe 1. Die tipe bestaan uit 'n holte in die grond, waar=van die bodem en wande met klippe uitgevoer is, soos volg:- Gewoonlik lê 'n platterige klip plat op die bodem van die holte en kleinerige klippe is onreëlmatig teen die wand van die holte uitgepak. Die holte is normaalweg ietwat minder

as 50 cm wyd en diep. Tipe 1 kom gewoonlik in of naby gruisvloere voor (vgl. deel V: sketsfig. 7g, detail F4.6B.4, F4.6B.5, F4.6B.6; sketsfig. 16g, detail K8.11.4; sketsfig. 83, detail B3.9(i).7); foto's 15, 16, 17, 81, 82).

Tipe 2. Tipe 2 bestaan uit 'n holte in die grond met 'n plat klip wat op die bodem van die holte lê, 'n vyselklip wat op die plat klip staan, en kleinerige klippe wat tussen die vyselklip en die wande van die gat ingestop is. Die vyselklip is 'n groterige klip met 'n vysel- of fynmaakholte aan die bokant daarvan. Die vyselklippe word bespreek in afdeling 5 van hierdie hoofstuk. In sommige gevalle is 'n ring van sanderige klei bo-om die vyselholte bo-op die vyselklip gebou, blykbaar om te voorkom dat die materiaal, wat in die holte gestamp word, uitspat en verder ook te verhoed dat grond van buite af in die vyselholte val (vgl. deel V: sketsfig. 7g, detail F4.6opp.7; sketsfig. 12a, detail H5.6(i).4; sketsfig. 16g, detail K8.10.5, K8.11.5; sketsfig. 83, detail B3.9(i).4, B3.9(i).5, B3.9(i).6; deel IV: foto's 28, 30, 81, 82).

Tipe 3. Tipe 3 is 'n ruwe, klein platformagtige struktuur. Dit bestaan uit "stut"-klippe wat vertikaal in die grondoppervlakte teen mekaar of naby mekaar gerangskik staan, en plat klippe wat teen mekaar plat op die stutklippe lê. Die "platform" is tussen 50 cm en 150 cm breed en naastenby tussen 25 cm en 40 cm hoog (vgl. deel V: sketsfig. 7g, detail F4.6opp.5; sketsfig. 77, detail B3.2.17; sketsfig. 79, detail B3.6.1; sketsfig. 80: detail B3.6.2; sketsfig. 88b, detail B3.6.2; sketsfig. 90, detail B3.2.17; deel IV, foto's 14, 32, 33, 80, 95).

Tipe 4. Dit bestaan uit enkele langwerpige klippe wat naby mekaar vertikaal in die grond geplant is (vgl. deel IV: foto 10). Dit is nie duidelik of dié tipe enige verband het met tipe 3 nie.

Tipe 5. Klein, ruwe, vrystaande klipmure en kom voor op Mapungubwekop. Omdat geeneen daarvan in die opgrawings gevind is nie en in bestaande publikasies (Fouché 1937; Gardner 1963) beskryf word, word dit nie verder hier behandel nie.

Tipe 6. Klip-terrasmure en kom voor op die Suidelike Terras en op Mapungubwekop. Omdat geeneen daarvan in die opgrawings gevind is nie en in bestaande publikasies (Fouché 1937) vermeld word, word dit nie verder hier beskryf nie (vgl. deel IV: foto 97).

Tipe 7. Die sg. "isivivane" of kliphope wat reeds in die bestaande literatuur (Gardner 1963) beskryf word. Dit is nie in die opgrawings gevind nie en word derhalwe nie hier verder beskryf nie.

2.4 SAMEVATTING

2.4.1 Algemeen

Ten einde 'n geheelbeeld van die boustrukture te verskaf, word die hutstrukture, vloere en klipstrukture van elke terrein vervolgens gesamentlik behandel.

2.4.2 K2

Die afsettings op K2 bestaan, wat boustrukture betref, uit twee soorte komponente, nl., eerstens, uit prominente ashope met geen duidelike tekens van hutte en vloere nie en, tweedens, dele met heelwat vloere en hut-oorblyfsels, maar slegs klein askolle (vgl. deel V, sketsfig. 100).

Al vier soorte hutte kom voor op K2. Vanweë die beperkte omvang van die opgrawings kon daar nie vasgestel word wat die verwantskap tussen die verskillende soorte hutte was of wat die aard van die vestigingspatroon was nie. Hut-oorblyfsels kom in die woonhut-area voor van die onderste (oudste) lae tot

die boonste (jongste) woonlae (vgl. deel I: hoofstuk 4, en deel V, i.v.m. die hut-oorblyfsels in opgrawings Rn 2 en Ts 4).

Twee tipes vloere is in die hutte aangetref. Sandvloere kom voor in sekere klein hutjies, nl. hut tipe 2 (hut tipe 1 het geen vloer gehad nie), en in sommige mediumgrootte hutte (hut tipe 3). Gruisvloere kom egter ook voor in sommige mediumgrootte hutte (hut tipe 3), sowel as in alle groot hutte (hut tipe 4). Prominente gruisvloere kom ook in die buitelug-leefruimtes van die hut-area voor. Die gruis is witterig of liggeel in die geval van sommige vloere, en rooierig tot pienkerig van kleur in die geval van ander vloere. Hierdie verskillende kleure vloere kom dikwels in dieselfde lae voor. Dit is gemaak van die skalie-brokkies wat in die lae van die Stormberg-series naby K2 gevind is.

Geen klipstrukture is op K2 gevind nie behalwe 'n sg. "isivivane" (klipstruktuur-tipe 7) wat deur Gardner beskryf is (Gardner 1963).

2.4.3 DIE SUIDELIKE TERRAS EN MAPUNGBWEKOP

Geen omvangryke ashope is op die Suidelike Terras en Mapungubwekop gevind nie. Die afsettings bestaan hoofsaaklik uit sanderige grond waarin askolle en 'n opeenvolging van vloere en ander hut-oorblyfsels voorkom. Verskeie klipstrukture kom ook voor. Weens die feit dat geen uitgebreide laterale opgrawings gedoen is nie, kon die vestigingspatroon nie bepaal word nie. Die boustrukture van die ouer lae verskil van die jonger lae, soos in hoofstuk 4 en deel V, sketsfig. 98, aangedui is. In hoofstuk 4 is ook tot die gevolgtrekking gekom dat die stratifikasie van die Suidelike Terras en Mapungubwekop grootliks ooreenstem. Die stratigrafiese verspreiding van hut-, vloer- en klipstrukture word aangedui in die diagrammatiese voorstellings in sketsfigure 98 en 99 in boekdeel V.

In die ouer lae kom al vier huttipes voor, sommige met vloere van sand en andere met prominente liggeel en rooi gruisvloere wat van die skaliegruis gemaak is. Die vloere in die opelug-leefruimtes is van dieselfde gruis gemaak. Die hutte en vloere is dieselfde as dié van K2. Geen klipstrukture is in hierdie lae aangetref nie. Die boustrukture in die ouer lae is dus dieselfde as dié van K2.

In die middellae en hoërliggende lae van albei terreine kom etlike klipstrukture voor, nl. klipstruktuur-tipes 1, 2, 3 en 4. In die hoërliggende lae is geen voorbeelde van die mediumgrootte hutte (huttipe 3) en klein hutjies (huttipes 1 en 2) gevind nie. Oorblyfsels van slegs enkele groot hutte (huttipe 4) is tot dusver hier gevind. Die witterige tot liggeel en rooi skaliegruis-vloere en enkele vloerge-deeltes van mosterdgeel dolerietbasalt-gruis kom in die middellae voor, maar in die hoërliggende lae is die vloere slegs gemaak van die mosterdgeel, verweerde dolerietbasalt-gruis. Die algemene aard van die boustrukture in hierdie lae verskil dus in verskeie opsigte van dié van K2 (vgl. deel V: sketsfig. 98).

In die heel boonste paar lae op die Suidelike Terras is die grond meer as-agtig as op Mapungubwekop. In hierdie jongste lae is geen hut-oorblyfsels en klipstrukture gevind nie. Slegs dun, mosterdgeel vloere wat van dolerietbasalt-gruis gemaak is, kom voor. Die planvorms van hierdie vloere is deurgaans onreëlmatig. Die kenmerke van boustrukture in die jongste lae is dus nog onbekend.

3. METALLURGIESE SKEPPINGE

3.1 ALGEMEEN

Oorblyfsels van metallurgiese skeppinge is aanwesig in alle woonlae op al drie terreine, hoewel nie in groot hoeveelhede nie. Die metaal-artefakte wat gevind is, is feitlik alles erg verroes en in die meeste gevalle onidentifiseerbaar. On-

verroeste materiaal het slegs uit metaalslak, enkele goue kraletjies en 'n goue spiraal bestaan. 'n Tipologiese in=deling word hieronder gemaak van die verskillende soorte metallurgiese skeppinge wat op die terreine gevind is. Omdat in die meeste gevalle net fragmente van voorwerpe gevind is, en dié ook in 'n swakbewaarde toestand, kon hoe=veelheidsbepalings nie gemaak word nie. Die aanwesigheid van die verskillende tipes metallurgiese skeppinge word gevolglik slegs met 'n "x" aangedui in die stratigrafiese klassifikasie-tabelle.

Die vondste van die huidige opgrawings gee nie 'n volledige beeld van die metallurgiese materiaal wat in die argeologiese afsettings voorkom nie, soos blyk uit die vondste wat gedu=rende die dertigerjare gemaak is. Hoewel die presiese stra=tigrafiese verband van daardie vroeëre vondste nie in alle gevalle duidelik aangedui is nie, kan daar geen twyfel bestaan oor hulle verband met die terreine waar hulle volgens die opgrawers gevind is nie. Om die huidige beskrywing vollediger te maak, word daar dus in die onderstaande tipolo=giese beskrywing gebruik gemaak van die vroeëre vondste, maar hulle word uiteraard nie in die klassifikasie-tabelle opgeneem nie.

Die tipologiese klassifikasie word aangevul deur mikrosko=piese waarnemings van metallurgiese deskundiges van die Departement van Metallurgiese Ingenieurswese van die Univer=siteit van Pretoria. Dié waarnemings word in bylae 5/2 behandel en het betrekking op metallurgiese monsters wat in perspeks gemonteer, gepoleer en mikroskopies ondersoek is. Bylae 2 bevat 'n lys van die monsters met hulle stratigrafiese verband.

3.2 TIPES METALLURGIESE SKEPPINGE

Die ondergenoemde tipes word onderskei. Geen duidelike eksemplare van tipes 1.2, 1.3, 4.1, 4.3 is gedurende die

huidige opgrawings gevind nie en die beskrywing van hulle attribute word op dié van die vorige opgrawers gebaseer. Die res word in die bygaande klassifikasie-tabelle aangedui volgens hulle stratigrafiese verband.

- Tipe 1.1 Goue krale. Die krale stem ooreen met sommige goue krale wat reeds deur vorige navorsers beskryf is (Fouché 1937:108-109,114-116; plate B, XXXVIII, XL) en word gevolglik nie hier verder beskryf nie.
- Tipe 1.2 Ysterkrale. Voorwerpe wat ysterkrale kan wees, is gevind. Dit is egter sodanig verroes dat 'n akkurate identifikasie daarvan onmoontlik is. Dit kan in sommige gevalle stukkie van ysterspirale wees.
- Tipe 1.3 Koperkrale. Identifiseerbare koperkrale is deur vorige navorsers gevind en beskryf (Fouché 1937: 109, plaat XXXVIII).
- Tipe 2.1 Gedeeltes van soliede ysterringe of ysterstafies. Dit is erg verroes en kan dus nie presies beskryf word nie. Sommige van die ysterstafies is waarskynlik gedeeltes van pylpunte of ander voorwerpe.
- Tipe 2.2 Gedeeltes van soliede koperringe of koperstafies. 'n Koperstafie is beskryf deur vroeëre navorsers (Fouché 1937:117). Normale diktes van die soliede koperstafies en ringe is 5 mm tot 6,5 mm.
- Tipe 3.1 Ysterdraad wat spiraalvormig opgedraai is om hare of organiese vesels van een of ander aard. In metallurgiese terme kan dit as yster-helikse beskryf word. Draadvervaardiging is beskryf deur vorige navorsers: Fouché 1937:117). Dit is so verroes dat mate nie daarvan geneem kan word nie. Dit skyn op die oog af dieselfde dikte- en breedte-mate te hê as die koper-spirale.
- Tipe 3.2 Koperdraad wat spiraalvormig opgedraai is om hare

of organiese materiaal van een of ander aard. In metallurgiese terme kan dit as koper-helikse beskryf word (vgl. Fouché 1937: plaat XXXVIII). Dit is meestal afgeplatte draad, sowat 0,5 mm tot 0,8 mm dik en 1,4 mm tot 1,6 mm breed. Wanneer dit spiraalvormig opgedraai is, wissel die spiraaldikte van 1,6 mm tot 9 mm.

- Tipe 3.3 Goue draad wat spiraalvormig opgedraai is. In metallurgiese terme kan dit as 'n goue heliks beskryf word. Slegs een stukkie hiervan is in laag 8 in opgrawing Mk 1 op Mapungubwekop gevind. Omdat slegs die een stukkie gevind is, word dit slegs hier vermeld en is daar nie 'n afsonderlike kolom daarvoor in die klassifikasie-tabel ingesluit nie. Die draad waarvan dié spiraal gemaak is, is plat, sowat 0,35 mm dik en 1,1 mm breed en is opgedraai om 'n spiraal van sowat 2 mm dik te vorm. Beskrywings van goudspirale is gemaak deur vorige navorsers (Fouche 1937:116; plate B, XVI, XXXVIII).
- Tipe 4.1 Goue plaatwerk. Gegewens i.v.m. die goue plaatwerk word verskaf deur vorige navorsers (Fouche 1937: 116-117) en goue spykertjies waarmee die plaatjies vasgeheg is (Fouché 1937:114). Geeneen van hierdie voorwerpe is tydens die huidige opgrawings gevind nie.
- Tipe 4.2 Stukkies ysterplaat. Verskeie eksemplare hiervan is gevind, maar is sodanig verroes dat geen definitiewe inligting daarvan verkry kon word nie. Dit is heelwaarskynlik gedeeltes van ysterpikke, dissels of iets soortgelyks.
- Tipe 4.3 Stukkies koperplaat. Een ruwe stukkie is gevind. Dit het geen definitiewe vorm nie en is klaarblyklik 'n stukkie halfverwerkte metaal. (Dit is afkomstig uit opgrawing Ts 4 op K2).

- Tipe 5. Ysterpikke. Dit het 'n skerppuntige agterkant wat waarskynlik in 'n houtsteel gemonteer was, en 'n breë, plat werksrand waarmee grond waarskynlik losgekap is. (Vgl. foto 13).
- Tipe 6. Ysterdissels. Dit is smal en langwerpig, met 'n skerppuntige agterkant wat waarskynlik in 'n houtsteel gemonteer is; en 'n dwarslopende, plat werksrand waarmee materiale soos hout waarskynlik afgewerk is. (Vgl. foto 14).
- Tipe 7. Dit is 'n klein, plat ystervoorwerp met 'n skerppuntige agterkant en 'n dwarslopende werksrand aan die voorkant. Dit lyk na die sweetskrapers wat by histories bekende Bantoekulture in Suidelike Afrika voorgekom het (vgl. Fouché 1937: plaat xvi, foto 3, items 3 en 5).
- Tipe 8. Yster-spiespunte (vgl. Fouché 1937:plaat xvi, foto 2, items 1, 2).
- Tipe 9.1 Yster-pylpunte met weerhake (vgl. Fouché 1937: foto 2, items 4, 6 en 8).
- Tipe 9.2 Yster-pylpunte sonder weerhake (vgl. Fouché 1937: foto 2, item 3).
- Tipe 10.1 Metaalslak, vermoedelik ysterslak. Gegewens i.v.m. ysterslak is verskaf deur vorige navorsers (Fouché 1937:30).
- Tipe 10.2 Metaalslak, vermoedelik koperslak.

Been-pylpunte wat oorspronklik 'n plat voorste punt van yster gehad het, word in hoofstuk 7 deur Voigt as artefaktipe 514 beskryf. Dit is egter nie bekend hoe die ysterpunt presies gelyk het nie.

3.3 KLASSIFIKASIE-TABELLE
 3.3.1 TERREIN K2

Op= gra= wing	Blok	Laag	METAALWERK : Tipes																
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1
Rn 2	B5	1				x		x											
	C3	1																	x
	C4	1						x	x										x
	C3	2				x		x											
	C4	2						x	x										
	B8	2				x													
	D10	2							x										
	E10	2							x										
	C3	3						x											
	C4	3						x											
	D9	3						x											
	D10	3							x										
Ts 1	A4	1				x		x	x									x	
	A5	1						x	x										
	A6	1						x											
	A4	2						x											
	A5	2						x											
	A6	2						x											
	A4	3						x											
	A4	4						x	x										
	A5	4						x											
	A6	4						x											
	A5	5						x											

TERREIN K2

Op= gra= wing	Blok	Laag	METAALWERK: Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Ts 2	A1	1						x												
	A2	1				x		x												
	B4	1				x		x	x											
	B6	1						x												
	A1	2						x												
	A2	2						x												
	A3	2				x		x			x								x	
	B4	2						x	x											
	A6	2						x												
	B6	2						x												
	A1	3						x												
	A2	3						x												
	A3	3						x											x	
	B4	3									x									
	A2	4				x		x	x											
	A4	4						x												
Ts 3	A1	1						x												
	A2	1						x	x											
	A1	2						x	x											
	A2	2				x		x	x										x	
	A1	3						x	x											
	A2	3						x	x											
	A2	4						x	x											

TERREIN K2

Ops graaf winy	Blok	Laag	METAALWERK: Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Ts 3	A1	5(i)						x												
	A2	5(i)						x	x											
	A2	5(ii)						x	x											
	A2	6						x	x											
	O2	6							x											
	A1	7						x												
	A2	7						x	x											
	O2	7						x												
	A1	8							x											
	A2	8							x	x								x		
	O1	8							x	x										
	O2	8							x	x										
	A1	9							x											
	A2	9							x	x										
	O1	9							x											
	A2	10								x										
	O2	10							x											
	O2	11							x											
	O2	12								x										
	O2	14							x	x										
	O2	16							x	x										
	O2	18							x											
	O2	20							x											
	O2	21							x											

TERREIN K2

Op- gra- wing	Blok	Laag	METAALWERK : Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Ts 4	A2	1						x											x	
	A3	1				x		x												
	B2	1						x												
	A2	2						x												
	A3	2				x		x						x						
	B2	2				x		x											x	
	A3	3(ii)						x												
	A2	5						x											x	
	A3	5				x		x												
	A2	6						x												
	A2	7				x														
Ts 5	A2	1						x												
	A3	1						x												
	A4	1						x												
	A2	2						x											x	
	A3	2						x												
	A4	2						x												
	A2	3						x												
	A3	3						x												
	A4	3						x												
Ts 6	A2	1						x	x											
		2						x	x											x

TERREIN K2

Op= gra= wing	Blok	Laag	METAALWERK : Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Ts 6	A2	3						x												x
		5						x												
		6						x	x											
		7						x	x											
		9						x												
		10							x											
		11						x												
		13						x												

3.3.2 TERREIN SUIDELIKE TERRAS

Op- gra- wing	Blok	Laag	METAALWERK: Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
MST	F4	1(i)						x	x											
		1(ii)				x		x												
		1(iii)	x					x												
		2(i)						x												
		2(ii)						x												
		2(iii)						x												
		2(iv)						x	x										x	
		3(i)						x												
		3(ii)						x												
		3(iii)						x												
		4						x	x											
		5						x	x											
		6						x	x											
		7(i)						x	x											
		7(ii)					x	x	x											
		7(iii)						x	x											
		7(iv)						x												
		8(i)					x													
		8(ii)						x	x											
		8(iii)					x	x	x	x										
		8(iv)					x	x	x											
		9(i)																	x	
		9(ii)									x									
		10						x												

TERREIN SUIDELIKE TERRAS

Op= gra= wing	Blok	Laag	METAALWERK : TIPES																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
MST	H5	1(i)						x												
		1(ii)						x												
		2(i)				x		x												
		2(ii)						x												
		2(iii)						x	x											
		2(iv)						x	x					x						
		2(v)						x	x											
		3				x		x	x											
		4(i)				x		x	x					x						
		4(ii)				x		x	x											
		5(i)				x		x												
		5(ii)						x	x											
		5(iii)						x												
		5(iv)				x		x	x											
		6(i)						x	x											
		6(ii)												x						
		6(iii)						x	x					x						
	K8	1(i)						x												
		1(ii)						x												
		1(iii)				x		x												
		2(i)						x												
		2(ii)						x	x											
		3						x	x						x					

TERREIN SUIDELIKE TERRAS

Op- gra- ding	Blok	Laag	METAALWERK : Tipes																
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1
MST	K8	4				x		x	x								x		
		5				x		x	x										x
		6				x		x	x										
		7				x		x	x										
		8						x	x										
		9				x		x	x										
		10				x		x	x								x	x	
		11				x			x										
		12						x											
		13				x		x						x				x	
		14				x	x	x	x							x			
		15				x		x	x										
		17						x											

3.3.3 TERREIN MAPUNGUBWEKOP

Op- gra- wing	Blok	Laag	METAALWERK: Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Mk 1	A3	1							x											
	A4	1							x											
	A5	1							x											
	B3	1							x											
	B4	1							x											
	B5	1							x											
	A3	2							x											
	A4	2							x											
	A5	2							x											
	B3	2							x	x										
	B4	2							x											
	B5	2							x											
	A3	3							x	x										
	B3	3							x											
	A3	4					x		x											
	A4	4							x											
	B3	4							x	x										
	B4	4					x		x											
	A3	5							x	x										
	A4	5							x											
	B3	5							x	x										
	B4	5							x	x										
	A3	6							x											
	A4	6							x	x										

TERREIN MAPUNGUBWEKOP

Op= gra= wing	Blok	Laag	METAALWERK : Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Mk 1	A5	6						x												
	B3	6						x	x											
	B4	6						x	x											
	B5	6						x	x											
	A3	7						x	x											
	A4	7						x	x											
	A5	7						x												
	B3	7				x		x	x											
	B4	7						x	x											
	B5	7						x	x											
	A3	8						x	x											
	A4	8						x	x											
	A5	8						x	x											
	B3	8					x		x											
	B4	8						x	x											
	B5	8						x	x											
	A3	9(i)						x	x											
	A4	9(i)						x	x						x					
	A5	9(i)						x	x											
	B3	9(i)						x	x											
	B4	9(i)						x												
	B5	9(i)						x	x											
	A3	9(ii)							x											
	A5	9(ii)						x	x											

- 25 -

TERREIN MAPUNGBWEKOP

Op- gra- wing	Blok	Laag	METAALWERK : Tipes																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Mk 1	B3	9(ii)				x		x	x											
	B4	9(ii)						x	x											
	B5	9(ii)						x	x											
	A3	10(i)				x		x	x											
	A5	10(i)						x	x											
	B3	10(i)				x		x	x											
	B4	10(i)						x	x											
	B5	10(i)						x	x											
	A3	10(ii)						x	x											
	A4	10(ii)						x	x											
	A5	10(ii)						x												
	B3	10(ii)				x		x	x											
	B4	10(ii)						x	x											x
	B5	10(ii)				x		x												
	A3	10(iii)						x	x											
	B3	10(iii)						x	x											
	B4	10(iii)						x	x											
	A3	10(iv)						x	x											
	B4	10(iv)						x	x											x
	B5	10(iv)					x	x	x											
	A3	11				x		x	x								x		x	x
	A4	11						x	x										x	x
	A5	11				x		x	x											
	B3	11				x		x	x						x					x

TOEKEN MAPUNGUBWEKOP

Onder- grens- wings	Blok	Aantal	METAALWERK : TIPS																	
			1.1	1.2	1.3	2.1	2.2	3.1	3.2	4.1	4.2	4.3	5	6	7	8	9.1	9.2	10.1	10.2
Mk 1	B4	11						X	X											
Mk 3	A1	1						X												
	A2	1						X												
	A1	2						X												
	A2	2	X*					X	X											
	A1	3				X	X	X	X											
	A2	3						X	X											
	A1	4(i)							X	X										
	A2	4(i)							X	X									X	
	A1	4(ii)							X	X										
	A2	4(ii)						X		X										
	A1	4(iii)							X	X										
	A2	4(iii)				X		X	X	X										
	A1	5				X		X	X	X										
	A2	5				X		X	X	X										
	A1	6							X	X										X
A2	6						X		X											
A1	7				X		X	X	X											
A2	7				X		X	X	X											

*Twee goue krale.

3.4 SAMEVATTING

Volgens die klassifikasie-tabelle kom yster- en koperspirale (helikse) voor in feitlik alle lae op al drie die terreine. Die spirale was waarskynlik enkel- of beenringe wat as liggaamsversierings deurgaans voorgekom het. In opgraving Ts 2 op K2 is 'n graf gevind (Graf Ts 2.G3) waarin die menslike geraamte koper-enkelringe van hierdie spiraaltipe aangehad het.

Twee goue krale is gevind in laag 2 van opgraving Mk 3 op Mapungubwekop en 'n goue spiraalstukkies (heliks) in laag 8 in opgraving Mk 1 op Mapungubwekop. Metaalslak kom in klein hoeveelhede voor in die ashope en woonhút-areas op K2 en in die oudste lae op Mapungubwekop en die Suidelike Terras. In die hoërliggende lae op Mapungubwekop en die Suidelike Terras kom metaalslak ook hier en daar voor, maar oënskynlik minder as in die geval van K2 en die oudste lae op Mapungubwekop.

Oorblyfsels van soliede koperringe, yster-pylpunte, ysterdissels, yster-"sweetskrapers" en dergelike voorwerpe kom yl verspreid in die lae van die drie terreine voor.

Die been-pylpunte met 'n aangehegte ysterpunt, wat deur Voigt as tipe 514 beskryf word in hoofstuk 7, kom in die boonste lae van Mapungubwe voor. Die plat ysterpunte is egter so geroes dat hulle vorm nie bepaal kan word nie.

Met uitsondering van dié pylpunte en die bogenoemde goue voorwerpe wat op Mapungubwekop gevind is, kon geen tegnologiese verskille opgemerk word tussen die metallurgiese voorwerpe van die verskillende terreine nie en ook nie tussen die voorwerpe wat op verskillende dieptes in die stratifikasie van elke terrein voorkom nie.

4. KRALE

4.1 ALGEMEEN

Krale kom algemeen voor op die Greefswaldterreine en is van

verskillende soorte materiale gemaak. Enkele metaalkrale is gevind en word in afdeling 3 van hierdie hoofstuk behandel. Krale van gebakte klei word vermeld in bylaag 1 van hoofstuk 6. Groot hoeveelhede glaskrale asook krale van skulp, volstruiseierdop en been kom ook voor.

Die getalle van die onderskeie tipes krale word hieronder in stratigrafiese klassifikasie-tabelle en in histogramme aangedui.

Omdat die sg. tuinroller-glaskrale meestal as halwes of kleiner stukke voorkom, word die getalle van die stukke vir vergelykingsdoeleindes in die histogramme in twee gedeeltes om min of meer volledige krale voor te stel. Die tuinrollerkrale word volgens kleur in die klassifikasie-tabelle geklassifiseer. Die ander glaskrale is alles klein handelskraletjies en word ook in die klassifikasie-tabelle volgens hulle kleure geklassifiseer.

Die identifisering van glaskraal-tipes m.b.v. hulle kleure word aangevul deur 'n chemiese ontleding van die glaskrale deur C.C. Davison. Die resultaat van hierdie chemiese ontledings word in bylae 5/3 aangebied.

4.2 KRAALTIPES

Metaalkrale

Word in afdeling 3 van hierdie hoofstuk vermeld.

Kleikrale

Word in bylae 6/1 van hoofstuk 6 vermeld.

Klein glaskraletjies

Die klein glaskraletjies is ingevoerde handelskrale. Die tipereeks van die klein glaskraletjies, soos aangedui in die tipelys hieronder, is gebaseer op die beskrywing van Van Riet

Lowe (Van Riet Lowe 1955) en Beck (Beck 1937). Die ver-
wysings na Van Riet Lowe en Beck in die onderstaande tipelys
het dus betrekking op die beskrywings van die betrokke tipes
in bg. publikasies. Hierdie beskrywings sluit die kleur,
vorm, grootte en ander kenmerke van die krale in.

- Tipe 1 : effens deursigtig ligblou tot effens groen-blou
(Van Riet Lowe, nr. 1)
- Tipe 2 : ondeursigtig groenblou, turkoois (Van Riet Lowe,
nr. 5)
- Tipe 3 : ondeursigtig seegroen (Van Riet Lowe, nr. 2)
- Tipe 4 : ondeursigtig groen, blaargroen (Beck, plaat D,
nr. 9)
- Tipe 5 : ondeursigtig geel tot oranje (Van Riet Lowe, nr.
6; Beck, plaat D, nr. 4)
- Tipe 6 : indiese rooi, rooibruin (Van Riet Lowe, nr. 4;
Beck, plaat D, nr. 10)
- Tipe 7 : donkerblou (Beck, plaat D, nr. 3)
- Tipe 8 : swart (Van Riet Lowe, nr. 3; Beck, plaat D, nr. 1)
- Gepatineerde krale, m.a.w. krale waarvan die oppervlakte
sodanig verweer het, dat die kleur onidentifiseer-
baar is.

Groot tuinroller-glaskrale

h Beskrywing van die vorm, kleur, grootte en ander kenmerke
van die krale, asook die wyse waarop hulle moontlik vervaar-
dig is, is verskaf deur Van Riet Lowe (Van Riet Lowe 1955) en
Beck (Beck 1937). Die volgende variasies word in die klassi-
fikasie-tabelle onderskei.

- T1 : turkoois
T2 : blou
T3 : baie donkerblou of donker turkoois
T4 : besonder donker, feitlik swart
* : dui aan halwe of kleiner stuk.

Beenkrale

Die beenkrale is gewoonlik silindries en is soms van die

hol bene van klein fauna gemaak.

Skulpkrale

Hulle is normaalweg gemaak van Achatina-skulp en is verder soortgelyk aan die volstruiseierdop-krale wat hieronder beskryf word.

Volstruiseierdopkrale

Hulle is skyfvormig en wissel in breedte van 2,5 mm tot 15 mm en in dikte van 0,7 mm tot 2 mm. Sommiges is onvoltooid en ander is ru afgewerk maar daarteenoor is sekere eksemplare besonder egalig en simmetries afgewerk.

4.3 KLASSIFIKASIE-TABELLE

4.3.1 TERREIN K2

Op- gra- ding	Blok	Laas	GLASKRALETJIES										TUINROLLERKRALE					DIVERSE KRALE			
			1	2	3	4	5	6	7	8	Gepat	Tot.	T1	T2	T3	T4	Tot.	Been	Skulp	Volstr	Totaal
Rn 2		1	182	1	6	10	10	171	2	2		385	1*	1*					22	57	79
		2	82			4	1	36	1	2		126	1		1		2		6	26	32
		3	60			2						62							2	8	10
		4	22					3				25							4		4
		5	8				1					9								1	1
Ts 1		1	263	10	2	8	17	37		5		342		1	2		3	3	4	71	78
		2	261			12	66	9		3		351	3	1			4			122	122
		3	101			7	10	6				124				6	6			40	40
		4	126			7	19	6		2		160			2	1	3			64	64
		5	51			3	14			1		69								18	18
Ts 2		1	277	1	5	17	3	105	1			409		5			5	9	15	388	408
		2	165	15	14	5	8	11		3		221	1	1			2		12	255	267
		3	30	45	11	5	7	8				106	1				1	3		156	156
		4	30				3			3		61							9	79	88
		5					1					1	1	1			2	1		2	3
	Graf 1		558	11						1		568								4	4
	Graf 2		19	13	28				324			384							1	45	46
	Graf 3		23		57	21		1061		1		1163								1	1
Ts 3		1	213		3	10	6	44		16		292	1	2	3		6		2	83	85
		2	245		10	9		35		7		306						3	1	115	119
		3	160			7	7	7		2		183						3		40	43
		5	38		1		1	5		1		46		6*						8	8

TERREIN K2

Op- gra- ang	Blok	Laag	GLASKRALETJIES										TUINROLLERKRALE					DIVERSE KRALE				
			1	2	3	4	5	6	7	8	gepat	Tot.	T1	T2	T3	T4	Tot.	Been	Skuld	Volstr	Totaal	
Ts 3		6	35			2	2	2	1			42			2*					6	6	
		7	108			4		5				117			3*			1		17	18	
		8	21			4						25		1*	4*			1		9	10	
		9	125			2	3	12				142		2*	2*	1*		1	2	18	21	
		10	90			8	3	1		1		103			4*			2		27	29	
		11	49			4	2	2				57								7	7	
		12	28				1	1				30								229	229	
		13	20				1					21								3	3	
		14	120			8	4	7				139						1		20	21	
		15	32			2		4				38			1*					10	10	
		16	24			2		2				28								47	47	
		17	16									16								5	5	
		19	14			1	1					16			1*					5	5	
		20	6			1						7								12	12	
	Ts 4		1	79	20	7			20		2		128	3				3		18	183	201
			2	54	33	6			24				117							22	159	181
			3	9	6	1							19							3	20	23
			4	3	3								6							2	7	9
			5	8	13	1	3		4		1		30						2	2	14	18
			6	2	2		2						6							4	4	8
		7			3							3						53	3	16	72	
	Graf 1																		4	4		

TERREIN K2

Op- gra- ding	Blok	Laas	GLASKRALETJIES								TUINROLLERKRALE					DIVERSE KRALE				
			1	2	3	4	5	6	7	8	Tot.	T1	T2	T3	T4	Tot.	Been	Skulp	Volstr	Totaal
Ts 5	1		87				4	27		4	122								38	38
	2		96	4			4	9		1	114								83	83
	3		67	2			10	5			84								166	166
Ts 6	1		7	6	4	1		8			26								43	43
	2		3		2		2	1			8	2*				2		6	9	15
	3		2								2								5	5
	4		5				2				7	1*				1			3	3
	5		6	1		1	3	9			20	1*				1		4	15	19
	6		15		1		2				18	3*			1*	4			25	25
	7		6			1		5			12							1	11	12
	8		24				2	1			27								8	8
	10		16			1					17	1*				1			9	9
	11			1	1		2				4	6*				6		1	7	8
	12		3				1				4							1	3	4
	13			1			1				2								5	5

4.3.2 TERREIN SUIDELIKE TERRAS

Op- gra- ding	Blok	Laan	GLASKRALETJIES										TUINROLLERKRALE					DIVERSE KRALE			
			1	2	3	4	5	6	7	8	Gepat	Pot.	T1	T2	T3	T4	Tot.	Been	Skulp	Volstr	Totaal
	F4	1	2	2	19	1	7	11		58	28	126							1	39	40
		2	7	2	41	3	20	44	11	102	36	266							4	79	83
		3			7		1	5		9		22								11	11
		4						1		6		7							1	5	6
		5	1	3	1		2	10		20	5	42							1	17	18
		6					1	4		7	2	14								14	14
		7	16		3		1	17		9		46							4	73	77
		8	15	1	1			37		6		56							2	40	42
		9	2	2				8		1		13							1	15	16
		10	9	1				87				97								65	65
		11						1				1									
	H5	1	15	17	13	20	7	88	7	117		284								72	72
		2	17	25	23	11	21	128	8	173		408								206	206
		3	3			2	2	28		6		41								29	29
		4	5	2				17		1		25								33	33
		5	10	3				9				22								23	23
		6	2	1				23				26							6	48	54

TERREIN SUIDELIKE TERRAS

Op- gra- ving	Blok	Laan	GLASKRALETJIES										TUINROLLERKRALE					DIVERSE KRALE			
			1	2	3	4	5	6	7	8	Gepat	Tot.	T1	T2	T3	T4	Tot.	Been	Skulp	Volstr	Botani
	K8	1	9		12	1	6	50	1	26	24	129								18	18
		2	12		15	1	9	74	3	30	34	178								24	24
		3	2	5		3	8	17	14	10	6	65								55	55
		4	2	8		1	2	37	5	12	1	68								45	45
		5			2		1	17		1		21								18	18
		6	1		2		1	16		7		27								22	22
		7	1				1	13				15								41	41
		8						5				5								8	8
		9	3					14		1		18									
		10						3				3								33	33
		11	3					6		1		10								12	12
		12						7				7								3	3
		13	2					4				6								4	4
		14																		8	8
		15																		4	4
		17																		4	4

4.3.3 TERREIN MAPUNGUBWEKOP

Op- graaf- sing	Blok	Laan	GLASKRALETJIES										TUINROLLERKRALE					DIVERSE KRALE				
			1	2	3	4	5	6	7	8	Gepat	Tot.	T1	T2	T3	T4	Tot.	Been	Skulp	Volstr	Staal	
Mk 1		1	9	13	77	4	27	53	11	214	435	843									57	57
		2	30		34		11	18	13	40	500	646									54	54
		3			18		4	10		49	178	259							1		24	25
		4	2		49		13	15	6	69	385	539									145	145
		5			8		14	9	1	48	69	149									65	65
		6	2		46	23	17	16	10	91	397	602									91	91
		7	2	12	1		4	36	7	73	143	278									64	64
		8	7	9	8	3	8	34	5	78	102	254									186	186
		9	9	1	14	1	29	24	9	27	35	149									82	82
		10	31	38	2	3	19	198		64	91	446				2*		2			312	312
		11	19	3	1	1	6	151		3	1	184									108	108
Mk 3		1			20		3	9	7	21	24	84									4	4
		2	2	5	4	3	4	17	3	16	71	125									2	2
		3		3	6		6	10	2	20	156	203									22	22
		4	3	4	3		6	13		21	33	83									56	56
		5		1	1		1	10		29	45	87									25	25
		6	1					8		5	3	18									18	18
		7	1	1				11		10	3	26							1		8	9

4.4 HISTOGRAMME

4.4.1 TERREIN K2

4.4.2 TERREIN SUIDELIKE TERRAS

4.4.3 MAPUNGUBWEKOP


K 2

OPGRAWING Rn 2

Laag

Tipes

1 2 3 4 5 6 7 8 Pat. T1 T2 T3 T4 Been Skulp Volstr.




K 2

OPGRAWING Ts 1

Laag


Tipes



Laag

Tipes


1 2 3 4 5 6 7 8 Pat.T1 T2 T3 T4 Been Skulp Volstr.




K 2

OPGRAWING Ts 2

Laag





vervolg



yervolg


Graf





vervolg

Graf




K 2


OPGRAWING Ts 3

Laag

Tipes



vervolg




vervolg

Lcag


- 38/11 -

Types



K 2

OPGRAWING Ts 4




K 2

OPGRAWING Ts5


Laag

Tipes



K 2

OPGRAWING Ts 6




SUIDELIKE TERRAS

BLOK F4

Laag

Tipes

1 2 3 4 5 6 7 8 Pd. T1 T2 T3 T4 Been Skulp Valstr.




SUIDELIKE TERRAS

BLOK H5

Laag


Tipes

1 2 3 4 5 6 7 8 Pat. T1 T2 T3 T4 Been Skulp Volstr



SUIDELIKE TERRAS


BLOK K8



MAPUNGUBWEKOP
OPGRAWING Mk1

Laag

Tipes




1

vervolg

Laag

Tipes


1 2 3 4 5 6 7 8 Pat. T1 T2 T3 T4 Been Skuip Vostr



vervolg

Laag

Tipes





vervolg


Laag

Tipes


1 2 3 4 5 6 7 8 Pat. T1 T2 T3 T4 Been Skulp Voistr.




vervolg



vervolg



MAPUNGUBWEKOP
OPGRAWING Mk3



4.5 SAMEVATTING

Klein glaskraletjies

Die klein handelskraletjies kom in groot hoeveelhede voor op al drie terreine. Tipe 1 (deursigtige ligblou) is dié wat die meeste op K2 voorkom en dit word gevolg deur tipe 6 (indiese rooi). Ander kleure kraletjies is slegs in klein hoeveelhede gevind.

In die onderste lae van die Suidelike Terras en Mapungubwekop is nie baie krale gevind nie, maar dit wil tog voorkom of die kwantitatiewe verhouding van die krale hier ooreenstem met dié van K2, d.w.s. kraaltipes 1 en 6 vertoon meer prominent, terwyl die ander tipes òf afwesig is òf slegs in klein getalle voorkom.

In die hoërliggende lae van Mapungubwekop en die Suidelike Terras neem die getalle van die glaskraletjies toe tot in die heel boonste laag. Die krale wat in die boonste lae in groter getalle voorkom as ander tipes, is egter nie dié wat in die onderste lae in groter getalle voorkom nie. Die indiese rooi krale (tipe 6) kom hier prominent voor. Tipe 1 is egter in verhouding tot die ander tipes nie juis baie promi-

nent nie. Kraaltipes wat in die jonger lae verskyn of hier in groter getalle voorkom as in die ouer lae, is die turkoois (tipe 2), seegroen (tipe 3), blaargroen (tipe 4), geel tot oranje (tipe 5), donkerblou (tipe 7) en swart (tipe 8) krale. In die jonger lae van beide Mapungubwekop en die Suidelike Terras kom groot getalle erg gepatineerde krale voor waarvan die kleur nie duidelik geïdentifiseer kon word nie.

Op grond van chemiese ontledings deel C.C. Davison die glas-krale in drie chemiese groepe in (vgl. bylae 5/3):

Die M1 Chemiese Groep

Die Passaatwindkraal Chemiese Groep ("Trade Wind Bead Chemical Group")

Die Mapungubwe Chemiese Groep I.

Volgens Davison kom al drie hierdie kraalgroepe op elk van die drie terreine voor, maar op K2 is die M1 Chemiese Groep die belangrikste en op Mapungubwe die Mapungubwe Chemiese Groep I. Die Passaatwindkraal Chemiese Groep kom deurgaans op al drie terreine voor.

Volgens Davison is die M1 Chemiese Groep wat op K2 prominent voorkom, die deurskynende tot deursigtige blou tot blou-groen kraletjies. Dit is hulle wat in die tabelle hierbo as Groep 1 geklassifiseer is en wat volgens die syfers prominent vertoon op K2 en in die onderste lae by Mapungubwe.

Die Passaatwindkraal Chemiese Groep is volgens Davison indiese rooi, blou-groen, groen, geel, oranje, swart en kobaltblou krale.

Die Mapungubwe Chemiese Groep I sluit krale met 'n afgeplatte vorm in ("Mapungubwe oblate series") en sluit kleure in soos blou-groen, groen, geel, oranje, swart, kobaltblou. Die chemiese samestelling van hierdie groep krale verskil van dié van die ander chemiese groepe, selfs al het hierdie krale grootliks dieselfde kleure as dié van die ander groepe.

Davison is van mening dat die M1 Chemiese Groep en die Passaatwind Chemiese Groep van dieselfde bron afkomstig mag wees, maar dat dit onwaarskynlik is dat die Mapungubwe Chemiese Groep I ook daarvandaan kom. Nogtans behoort al drie chemiese groepe tot een gemeenskaplike glaswerk-tradisie aangesien die krale van dieselfde basiese glassoort gemaak is. Volgens Davison is die krale moontlik van Arabiese oorsprong.

Tuinroller-glaskrale

Gedeeltes van tuinroller-glaskrale is slegs op K2 gevind. Volgens Davison behoort die tuinrollerkrale tot die M1 Chemiese Groep en is die tuinrollerkrale moontlik op K2 gemaak van verwerkte krale wat tot die M1 Chemiese Groep behoort.

Beenkrale

'n Klein hoeveelheid beenkrale is op K2 gevind en slegs 'n enkele een op Mapungubwekop. Dit lyk nie of beenkrale so 'n belangrike rol gespeel het as volstruiseierdop-krale nie.

Skulpkrale

Dit kom op al drie terreine voor, maar nie in groot getalle nie, soos die tabelle aandui.

Volstruiseierdop-krale

Soos uit die tabelle afgelei kan word, kom groot hoeveelhede volstruiseierdop-krale op al drie terreine voor. Geen stratigrafiese verskille is waargeneem nie.

5. WERKTUIE VAN BEEN, IVOOR EN SKULP

5.1 ALGEMEEN

Werktuie van been en ivoor is op al drie terreine gevind. Die werktuie is beskryf deur E. Voigt in hoofstuk 7 wat handel oor die fauna van Greefswald. Derhalwe word t.o.v. die kenmerke van die werktuie verwys na hoofstuk 7 in deel III van die verslag. M.b.t. die stratigrafiese verspreiding van die werktuie word ook verwys na hoofstuk 4 in deel I van die verslag. Die presiese posisie van artefakte in situ is beskryf en ook in die sketsfigure in deel V van die verslag aangetoon.

5.2 TIPPE-IDENTIFIKASIE EN KLASSIFIKASIE

In hoofstuk 7 word die tipes been-, ivoor- en skulpartefakte deur E. Voigt volledig beskryf en in stratigrafiese verband geklassifiseer. Die tipering en klassifikasie van die betrokke materiaal word gevolglik nie hier in hoofstuk 5 gedoen nie. Die artefakte wat in hoofstuk 7 beskryf word, is dié wat reeds sedert die dertigerjare deur die onderskeie opgrawers gevind is. Benewens die tipologiese beskrywings van die artefakte van been en ivoor, dui Voigt die stratigrafiese verband van die verskillende tipes aan in hoofstuk 7 (vgl. hoofstuk 7: tabelle 10.1, 10.2).

'n Opvallende verskynsel in die jongste lae op die Suidelike Terras en Mapungubwekop is die groot aantal beenwerktuie van die pylpunt-tipes, nl. 503, 512, 514, 525, en die tussenskag ("linkshaft") -tipes, nl. tipes 504, 510, 513 (vgl. foto 77, Deel IV; sketsfig. 75, Deel V).

Op K2 is gedeeltes van ivoor-armbande en ook 'n volledige olifant tand gevind.

5.3 SAMEVATTING

Dit blyk uit die stratigrafiese beskrywings van hoofstuk 4, die tipologiese beskrywings van hoofstuk 7 en ook algemene waarnemings tydens die opgrawings, dat sekere artefakte van been, skulp en ivoor vir spesifieke doeleindes gebruik is op al drie die terreine. Die K2-bewoners het veral ivoor-armbande, naalde met een of meer ogies, els-agtige werktuie en enkele ander tipes waarvan die funksie nie duidelik is nie, gebruik. Op die Suidelike Terras en Mapungubwekop kom hier en daar versierde eksemplare (tipe 529) voor wat moontlik as versierings gebruik is. Die groot hoeveelheid tussenskag ("linkshaft")-tipe en pylpunt-tipe artefakte in die jongste woonlae op Mapungubwekop en die Suidelike Terras, dui daarop dat die laaste bewoners van Mapungubwe die pyl en boog grootskaals gebruik het. Dit is opvallend dat nog geen artefakte, waarmee die beenpunte vervaardig kon gewees het, geïdentifiseer kon word nie.

6. KLIPWERKTUIE

6.1 ALGEMEEN

Die tipologiese klassifikasie van die klipartefakte is gemaak en word hieronder aangegee. In die klassifikasie-tabelle word slegs die artefakte ingesluit wat in die huidige opgrawings gevind is.

Klipartefaktipes 1.1, 1.2 en 1.3 waarvan die tipologiese kenmerke hieronder beskryf word, kom dikwels as deel van boustrukture voor. Daardie boustrukture is beskryf in afdeling 2 van hierdie hoofstuk en ook in hoofstuk 4.

6.2 TIPES KLIPWERKTUIE

Tipes 1.1-1.3 Dit is los klippe of rotse of rotsplate waarop vyselholtes voorkom. Die holtes vertoon drie variasies soos volg.

(i) Variasie 1. 'n Konkawe holte.



(ii) Variasie 2. 'n Koniese holte.



(iii) Variasie 3. 'n Silindriese holte.



Die vyselholtes vorm deel van drie tipes vysel-artefakte, soos volg.

Tipe 1.1 'n Losstaande vyselklip. Die tipe is selde breër as 300 mm. Dit het 'n enkele vyselholte op die plat bovlak. Die vyselholte is normaalweg 100 mm tot 200 mm wyd en tussen 30 mm en 100 mm diep. Hierdie vyselklippe kom ook voor as 'n deel van klipstruktuur-tipe 2 (vgl. deel IV:foto's 28, 30, 81 82).

Tipe 1.2 'n Vyselholte in die rotsbodem en op groot rotse. Soms kom verskeie van hierdie vyselholtes naby mekaar op rotsplate voor (vgl. deel IV:foto 93).

Omdat hierdie soort holtes dikwels op ystertydperk-terreine aangetref maar selde beskryf word, word sekere gegewens i.v.m. hulle hieronder verstreë.

Op die rotse by K2 is slegs 9 vyselholtes gevind. Vyf daarvan is konkawe holtes (variasie 1) met 'n diepte wat wissel van 20 mm tot 35 mm en 'n wydte wat wissel van 60 mm tot 130 mm. Drie koniese holtes (variasie 2) kom voor, met dieptes wat wissel van 40 mm tot 75 mm en opening wat tussen 95 mm en 105 mm wyd is. Een silindriese holte (variasie 3) is gevind; dit is 120 mm diep en bo 140 mm wyd.

Op die rotse by die Suidelike Terras is 53 vyselholtes gevind. Dertig daarvan is konkawe holtes (variasie 1) waarvan die dieptes wissel van 10 mm tot 150 mm (meestal 26 mm tot 60 mm). Die wydte van die openinge wissel van 30 mm tot 200 mm. Sewentien van die holtes is konies (variasie 2). Die dieptes daarvan wissel van 40 mm tot 210 mm (in die meeste gevalle tussen 50 mm en 100 mm) en die wydtes wissel van 105 mm tot 210 mm. Ses van die holtes is silindries (variasie 3). Hulle dieptes wissel van 85 mm tot 250 mm en die openinge is 90 mm tot 23 mm wyd.

Op die rotsplate en rotse op Mapungubwekop is 420 vyselholtes gevind. 'n Totaal van 107 is konkawe holtes (variasie 1). Die dieptes daarvan wissel van 10 mm tot 200 mm en die wydtes van die openinge van 45 mm tot 400 mm. 'n Totaal van 259 koniese holtes (variasie 2) is waargeneem. Die dieptes daarvan wissel van 35 mm tot 400 mm (in die meeste gevalle tussen 50 mm en 100 mm) en die openinge is 60 mm tot 280 wyd. 'n Totaal van 54 silindriese holtes (variasie 3) is gevind. Die dieptes daarvan wissel van 70 mm tot 440 mm en die openinge is 60 mm tot 295 mm wyd.

Tipe 1.3 Slegs een eksemplaar is gevind. Dit is 'n rotsblok met 10 holtes bymekaar op die plat bovlak (vgl. deel IV, foto 39).

Tipe 2 Dit is 'n klip met 'n langwerpige maal- of skuurholte daarop. Gedurende die huidige opgrawings is slegs 'n gedeelte van een op K2 gevind en geeneen op die ander terreine nie. Drie eksemplare wat deur vroeëre opgrawers op Mapungubwe opgegrawe en daar gelaat is, vertoon die volgende kenmerke. Die ovaalvormige holtes is 130 mm tot 155 mm lank, 77 mm tot 85 mm wyd en 18 mm tot 43 mm diep. Op die Suidelike Terras is daar een waarvan die holte 100 mm lank, 80 mm wyd en 30 mm diep is. (Vgl. foto 15).

Tipe 3 'n Sg. "isifuba"-klip. Dit is plat, met rye vlak holtes daarop. Isifuba's kom op die klipplate en groot rotse voor. (Vgl. foto 16).

Op K2 is 3 gevind op rotsblokke aan die westekant van die terrein. Die getal holtes van die isifuba's wissel van 16 tot 30, gerangskik in 4 tot 5 rye met 4 tot 8 holtes per ry. Die holtes is gemiddeld 10 mm diep en 65 mm wyd. Die totale grootte van die isifuba's wissel van 180 mm x 240 mm tot 280 mm x 430 mm.

Op die Suidelike Terras is 4 gevind op rotsblokke aan die voet van Mapungubwekop. Die getal holtes wissel van 6 tot 33, gerangskik in 2 tot 5 rye met 3 tot 10 holtes per ry. Die holtes is gemiddeld 10 mm diep en 25 mm tot 40 mm wyd. Die totale groottes wissel van 90 mm x 170 mm tot 440 mm x 750 mm.

Op Mapungubwekop is 9 gevind op die rotsplate. Die getal holtes wissel van 6 tot 42, gerangskik in 1 tot 7 rye met 4 tot 13 holtes per ry. Die diepte van die holtes varieer van 10 mm tot 55 mm en die wydte van 30 mm tot 100 mm. Die totale groottes van die isifuba's wissel van 120 mm x 150 mm tot 260 mm x 690 mm.

Tipe 4 Klippe waarvan die grootte normaalweg minder as 300 mm tot 400 mm is. Dit het een of meer klein holtetjies op die plat bovlak. Die holtetjies is sowat 10 mm tot 20 mm wyd en diep, en nie reëlmatig gerangskik nie (vgl. foto 17).

Tipe 5.1 'n Reghoekige klip met 'n deursnee van nie meer as 150 mm nie. Die sykante is glad geskuur, normaalweg met pokmerke in 'n klein, effense holtetjie in die middel van elke plat kant (vgl. foto 18).

Tipe 5.2 Min of meer dieselfde as tipe 5.1, maar is onreëlmatig van vorm i.p.v. reghoekig (vgl. foto 19).

Tipe 6.1 'n Ronde, ietwat afgeplatte klip. Die afgeplatte bo- en onderkant vertoon elk normaalweg skuur-slytasie met 'n effense holtetjie of pokmerke in die middel daarvan. Die sirkelvormige omtrek daarvan toon dikwels tekens van kneusing of slytasie (vgl. foto 20).

Tipe 6.2 Dieselfde as tipe 6.1, maar die omtrek daarvan is ovaalvormig, d.w.s. dit het 'n ovaal vorm met 'n ietwat afgeplatte bo- en onderkant (vgl. foto 21).

Tipe 6.3 Dieselfde as tipes 6.1 en 6.2, behalwe dat die vorm daarvan onreëlmatig is. (Vgl. foto 22).

Tipe 7.1 Klippe met gladgeskuurde vlakke wat waarskynlik slypmerke is (vgl. foto 23).

Tipe 7.2 Klippe met 'n onreëlmatige vorm, en met snymerke daarop, waarvan die funksie nie duidelik is nie (vgl. foto 24).

Tipe 8.1 Steentydperk-kerns, skilfers, kernwerktuie en skilferwerktuie (vgl. foto 25).

Tipe 8.2 Rotskristalle met 'n langwerpige vorm en kneusmerke op die punte (vgl. foto 26).

Tipe 9.1 Spoelklippe wat groter is as ongeveer 2 cm in deursnee. Hulle is nie afgewerk nie, maar is waarskynlik vir een of ander doel gebruik (vgl. foto 27).

Tipe 9.2 Klein spoel- of rivierklippies wat waarskynlik vir een of ander doel gebruik is (vgl. foto 27).

Tipe 10 Bolvormige klippe met pokmerke op die oppervlakte (vgl. foto 27).

Tipe 11 Bolvormige klippe met 'n ruwe, natuurlike oppervlakte. Hulle is moontlik vir een of ander doel gebruik, maar geen gebruiksmarke kan waargeneem word nie.

6.3 KLASSIFIKASIE-TABELLE

6.3.1 TERREIN K2

Op- gra- ving	Blok	Laag	KLIPARTEFAKTE : TYPES																				
			1.1	1.2	1.3	2	3	4	5.1	5.2	6.1	6.2	6.3	7.1	7.2	8.1	8.2	9.1	9.2	10	11	Tot.	
Rn 2	B3	-			1																	1	
	C3	1																3	7			10	
	C4	1									1					1					1	3	
	C5	1																1	1			2	
	D9	1																1		1		2	
	C3	2							1											1	2	4	
	C5	2																			1	1	
	C3	3																			2	2	
Ts 1	A5	1																		2		2	
	A6	1	1																	5	2	8	
	A4	2												1						1		2	
	A5	2																		2	1	1	4
	A6	2																		2		2	
	A4	3																		1	1	2	
Ts 2	A3	1									1											1	
	A4	1												1		1				5	1	8	
	A1	2																		1	2	4	
	B4	2									1									2	1	4	

TERREIN K2

Op= gra= ving	Blok	Laas	KLIPARTEFAKTE : Tipes																			
			1.1	1.2	1.3	2	3	4	5.1	5.2	6.1	6.2	6.3	7.1	7.2	8.1	8.2	9.1	9.2	10	11	Tot.
Ts 2	A1	3															2					2
	A2	3															1					1
	A4	3																1				1
	B4	3															1	1				2
Ts 3	A1	1															2					2
	A2	1						1			1	1										3
	A2	2										1						1				2
	A2	3															1	2				3
	A2	4														2	1					3
	A2	5													1		1					2
	A2	6											1				1					2
	A2	8															1		1	2		4
	A2	9											1				1					2
	A2	10											1									1
Ts 4	A3	1										1					1					2
	A2	2															1					1
	A2	4															3					3
	B2	4															3					3

TERREIN K2

Op= gra= wing	Blok	Laad	KLIPARTEFAKTE : Tipes																				
			1.1	1.2	1.3	2	3	4	5.1	5.2	6.1	6.2	6.3	7.1	7.2	8.1	8.2	9.1	9.2	10	11	Tot.	
Ts 4	A2	6														2	1	2				1	6
	A3	6								1													1
Ts 5	A3	1								1													1
	A4	1							1														1
	A3	2																1					1
Ts 6	A2	1													1				2				3

6.3.2 TERREIN SUIDELIKE TERRAS

Op- gra- sing	Blok	Laas	KLIPARTEFAKTE : Tipes																			
			1.1	1.2	1.3	2	3	4	5.1	5.2	6.1	6.2	6.3	7.1	7.2	8.1	8.2	9.1	9.2	10	11	Tot.
	F4	6	1																			1
		7(i)															1					1
		7(ii)																		1		1
		8															1			1		2
	H5	5(ii)	1																			1
		6(i)	1																			1
	K8	5														1						1
		6a															1					1
		7							1								1					2
		8															3					3
		10	1																			1
		11	1																			1
		13															1					1
		16																1				1

6.3.3 TERREIN MAPUNGUBWEKOP

Op- gra- ving	Blok	Laad	KLIPARTEFAKTE : Tipes																			
			1.1	1.2	1.3	2	3	4	5.1	5.2	6.1	6.2	6.3	7.1	7.2	8.1	8.2	9.1	9.2	10	11	Tot.
Mk 1	B5	2														1						1
	A1	3										1										1
	B3	3									1											1
	B2	4												1								1
	A1	6																1				1
	B5	6																1				1
	A5	7																1				1
	B3	7																1				1
	B4	8										1										1
	B3	9(i)	3																			3
	B5	9(ii)										2										2
	A3	10											1									1
	B3	10																2				2
	A4	10(ii)											1									1
	B3	10(iii)																6				6
	B4	10(iii)										1										1
	B5	10(iii)							1													1
	B5	10(iv)						1														1
	A4	11										1										1
	-	11		2																		2

6.4 SAMEVATTING

Die vyselklip-tipes is skaars op K2. 'n Groot klip met 'n vyselholte daarin is gevind in opgraving Ts 1 en 'n rotsblok met 10 vyselholtes daarin (tipe 1.3) is in opgraving Rn 2 gevind (vgl. hoofstuk 4). Vyselklip-tipe 1.1 kom algemeen voor as deel van klipstruktuur-tipe 2 in die middel- en hoërliggende lae op die Suidelike Terras en Mapungubwekop. Dit is egter nie gevind in die boonste lae van die Suidelike Terras en Mapungubwekop nie.

Vyselholtes op rotsplate of rotsblokke is skaars op K2: slegs 9 eksemplare is gevind. Op die Suidelike Terras is egter 'n totaal van 53 waargeneem. Op Mapungubwekop kom daar 420 voor op dié gedeelte van die kop wat nie met grondlae bedek is nie; daar kom waarskynlik nog meer voor op die rotsplaat onder die grondlae.

Dit lyk of tipes 9.1 en 9.2 meer algemeen voorkom op K2 as enige van die ander tipes. 'n Feit wat nêrens in die vroeëre opgrawings-beskrywings vermeld word nie, is dat 'n aantal eksemplare van klipartefak-tipes 5.1 en 5.2 op die oppervlakte van K2 en Mapungubwe waargeneem is (A. Meyer, persoonlike mededeling). Slegs 'n paar is in die huidige opgrawings gevind.

7. SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5

7.1 ALGEMEEN

In die samevatting hieronder word die reeks tegniese skeppinge van elke afsonderlike woonterrein bymekaargebring. Besonderhede en kommentaar word in die betrokke afdelings van hoofstuk 5 gegee en word nie hier in die samevatting herhaal nie. Die samevatting beoog slegs om 'n algemene tipering te gee van die tegniese skeppinge van die drie Greefswaldterreine.

7.2 TERREIN K2

Die terrein K2 bestaan uit hut-areas met ashope daaromheen (vgl. deel V: sketsfig. 100). Die een hut-area was geleë teen die helling van Bambandyanalo, maar oorblyfsels daarvan het feitlik totaal verdwyn (vgl. hoofstuk 4: opgraving Rn 1). Die ander hut-area bestaan uit 'n opeenvolging van gruisvloere en hut-oorblyfsels, afgewissel met sandgrondlae en askolle. Klipstrukture is skaars. In die woon-area, maar veral in die ashope, kom 'n verskeidenheid van tegniese skeppinge voor, nl. metallurgiese materiaal, glaskrale, artefakte van been, ivoor, skulp en klip en keramiek. (Die keramiek word in hoofstuk 6 intensief behandel).

Minstens vier soorte hutte kan op K2 onderskei word, nl. 'n klein tipe hut sonder enige tekens van 'n vloer (huttipe 1); 'n klein tipe hut waarin wel 'n vloer voorkom, gewoonlik 'n gekompakteerde sandvloer (huttipe 2), 'n mediumgrootte hut met 'n sand- of gruisvloer (huttipe 3) en 'n groot tipe hut met 'n dubbelmuur, d.w.s. met 'n buitemuur en 'n binnemuur (huttipe 4) (vgl. hoofstuk 5). Die klein hutjies (huttipes 1 en 2) is so klein dat hulle net as stoorplek gebruik kon gewees het, waarskynlik vir voedsel. Die betekenis van die mediumgrootte hutte is nie duidelik nie, maar sommige kon stoorhutte gewees het en andere slaaphutte. Die groot hutte is heelwaarskynlik as woonhutte gebruik. Die gruisvloere is gemaak van geelwit tot rooi skalie-gesteente. Die hutmure is gemaak van pale wat in fondasieslote geplant is en met sanderige klei afgepleister is. Vermoedelik was die dakke van gras gemaak. Die enigste "klipstruktuur" by K2 is 'n kliphoop, nl. 'n "isivivane" (klipstruktuur-tipe 7).

Metaalslak kom in klein hoeveelhede op K2 voor. Die metaalartefakte wat die meeste in al die lae voorkom, is spirale (helikse) van yster en koper; dit is waarskynlik meestal oorblyfsels van enkel- en arbande. "Sweetskrapers" (metaalwerktuig-tipe 7) en yster-pylpunte (metaalwerktuig-

tipe 9.1) kom ook op K2 voor. Ander metaal-artefakte kon nie duidelik geïdentifiseer word nie.

'n Klein hoeveelheid klei- en beenkrale kom voor, asook tuinroller-glaskrale en skulpkrale. Groot hoeveelhede volstruiseierdop-krale en klein handels-glaskrale is 'n algemene verskynsel in die afsettings. Volgens C.C. Davison kom veral glaskraletjies van die M1 Chemiese Groep op K2 voor, maar ook van die Passaatwindkraal Chemiese Groep en, in 'n mindere mate, van die Mapungubwe Chemiese Groep I. Die tuinrollerkrale behoort tot die M1 Chemiese Groep en is plaaslik vervaardig.

Ivoor-armbante, beennaalde, beenelse en ander huishoudelike artikels en ornamente van skulp, been en ivoor kom hier en daar voor.

Klip-artefakte is nie volop op K2 nie en is hoofsaaklik tipes 9.1, 9.2, 5.1 en 5.2.

7.3 TERREINE SUIDELIKE TERRAS EN MAPUNGUBWEKOP

Dit is duidelik dat die stratigrafie en tegniese skeppinge van die twee terreine ooreenstem en daarom word die terreine gesamentlik bespreek.

Die kulturele afsettings van die twee terreine bestaan hoofsaaklik uit gruisvloere, hut-oorblyfsels en klipstrukture, afgewissel met sandgrondlae wat soms as bevat. In die onderste lae is die boustrukture min of meer dieselfde as dié van K2. Dieselfde vier huttipes kom hier voor, nl. klein hutjies sonder vloere (huttipe 1), klein hutjies met vloere (huttipe 2), mediumgrootte hutte (huttipe 3) en groot "dubbelmuur"-hutte (tipe 4). Die vloere is van dieselfde skalies as dié van K2 gemaak. In die hoër liggende lae (maar nie in die heel boonstes nie) kom huttipe 4 nog voor, maar is huttipes 1 en 2 nog nêrens gevind nie, terwyl dit

nie duidelik is of huttipe 3 hier aanwesig is nie. Mosterdgeel, verweerde dolerietbasalt-vloere vervang nou die skaliegruis-vloere. In hierdie jongere lae is klipstruktuur-tipes 1, 2 en 3 'n algemene verskynsel; d.w.s. vyselklip-strukture en platform-agtige strukture. Ruwe vrystaande klipmure en terrasmure kom op die Suidelike Terras en Mapungubwekop voor. Hierdie klipmure word in vorige verslae vermeld (Fouché 1937). 'n Opvallende verskynsel is dat die heel boonste lae slegs onreëlmatige, brokkelrige mosterdgeel dolerietbasalt-gruisvloertjies oplewer en geen hut- of klipstrukture is hier gevind nie.

Dit skyn of yster- en koperslak in die oudste lae meer voorkom as in die jongere lae. Spirale (helikse) van koper en yster (waarskynlik enkel- en armbande) is in byna alle lae gevind, asook ysterdissels (metaal-artefaktipe 6), pikke (metaal-artefaktipe 5) en gedeeltes van ander metaalwerktoe. In die middel- tot jongste lae is enkele goue krale en 'n goue spiraal gevind.

Heelwat volstruiseierdopkrale en enkele skulpkrale is deur al die lae versprei. Glaskrale van die Mapungubwe Chemiese Groep I kom veral in die hoëre lae volop voor en die M1 Chemiese Groep veral in die onderste lae terwyl die Passaatwindkraal Chemiese Groep deurgaans goed verteenwoordig is. Dit lyk of die glaskraletjies in die heel onderste lae dieselfde as dié van K2 kan wees (tipes 1 en 6 kom meer algemeen voor as die ander tipes), maar in die hoër liggende lae van Mapungubwekop en die Suidelike Terras neem sekere tipes (tipes 2,3,4,5,7 en 8) toe in verhouding tot die ander (tipes 1 en 6). Tuinrollerkrale en kleikrale is nie hier gevind nie.

In die ouer lae kom nie veel werktoe van been, ivoor of skulp voor nie, maar in die heel jongste lae is die beenpypunte en tussenskagte ("linkshafts") volop.

Op die klipplate op Mapungubwekop is daar 'n groot aantal vyselholtes en in die middel- en hoër liggende lae van die Suidelike Terras en Mapungubwekop vorm vyselklippe (klip= artefak-tipe 1.1) dikwels deel van klipstrukture (klip= struktuur-tipe 2) wat met hutoorblyfsels en gruisvloere verband hou.

7.4 VERGELYKENDE OPSOMMING

'n Vergelyking van die tegniese skeppinge van K2 met dié van Mapungubwekop en die Suidelike Terras dui dus op ooreenstemminge sowel as verskille. Die huttipes (tipies 1-4), skaliegruis-vloere en sandvloere op K2 is soortgelyk aan dié in die oudste lae op die kop en die Suidelike Terras. Maar in die middellae van die kop en Suidelike Terras kom huttipes 1 en 2 later nie meer voor nie, terwyl huttype 4 tog nog voorkom, en dit is nie seker of huttype 3 nog in hierdie middellae aanwesig is nie. Die skalievloere word later in die middellae vervang deur dolerietgruis-vloere. In die boonste lae van die kop en Suidelike Terras is nog geen hutte gevind nie en slegs dun dolerietgruis-vloere kom hier voor.

In die middellae van die kop en Suidelike Terras is klipstrukture aanwesig, nl. tipies 1, 2 en 3, maar dié tipies kom nie voor in die ouer lae van hierdie twee terreine nie en ook glad nie op K2 nie. Die enigste vrystaande klipmure (klipstruktuur-tipe 5) wat voorkom, is dié op Mapungubwekop, en is deur vroeëre navorsers vermeld (Fouché 1937). (Dit is nie bekend of sommige van die mure wat in die dertigerjare op die Suidelike Terras ontbloot is, vrystaande mure kon gewees het nie). Die klip-terrasmure (klipstruktuur-tipe 6) kom slegs op Mapungubwekop en die Suidelike Terras voor en word eweneens deur vroeëre navorsers vermeld (Fouché 1937). Geen klipstrukture is in die boonste lae van die kop en Suidelike Terras gevind nie.

Die yster- en kopervoorwerpe van die drie terreine verskil oor die algemeen nie waarneembaar van mekaar nie, met uitsondering van die gebruik van ysterpunte en pylpunttipe 514 in die boonste lae van Mapungubwekop. Goue voorwerpe is slegs gevind in die middel- en boonste lae van Mapungubwekop.

Tuinroller-glaskrale kom slegs op K2 voor. Die M1 Chemiese Groep glaskrale kom voor op sowel K2 as die ouer lae van die kop en Suidelike Terras, maar in die jonger lae van lg. twee terreine is die glaskrale hoofsaaklik die Mapungubwe Chemiese Groep I. Die Passaatwindkraal Chemiese Groep kom op al drie terreine voor.

Met uitsondering van die been-pylpunt- en tussenskag-tipes wat in groot getalle in die boonste lae van die kop en Suidelike Terras voorkom, is daar nie opvallende verskille tussen die been-, ivoor-, skulp- en eierdop-artefakte van die drie terreine waargeneem nie.

Die gebruik van vyselholtes kom slegs in enkele gevalle voor op K2, in 'n grotere mate op die Suidelike Terras en in groot getalle op Mapungubwekop. Die enigste vyselholtes wat egter met sekerheid met spesifieke lae op lg. twee terreine verbind kan word, is dié van die vyselklippe wat in die middellae van die twee terreine as deel van klipstruktuur-tipe 2 voorkom. Die ander soorte klipartefakte wat voorkom, dui nie enige opvallende verskille tussen die drie terreine aan nie.

BIBLIOGRAFIE

- Beck H C 1937 Report on beads. In Fouché 1937:
Mapungubwe. Cambridge.
- Fouché L 1937 Mapungubwe. Cambridge.
Cambridge University Press.
- Gardner G A 1963 Mapungubwe Vol. II.
J L van Schaik, Pretoria.
- Van Riet Lowe C 1955 Die glaskrale van Mapungubwe.
Argeologiese reeks nr. ix,
Departement van Onderwys, Kuns en
Wetenskap.

BYLAE 5/1

VERSLAG OOR HUTVLOERE EN POTSKERWE

deur Nasionale Bounavorsingsinstituut
van die WNNR

VERSLAG OOR DIE ONDERSOEK VAN VLOERE
EN POTSKERWE AFKOMSTIG VAN DIE
ARCHEOLOGIESE UITGRAWINGS TE MAPUNGBEHE.

1. INLEIDING

Eydens besoeke aan die uitgrawings deur beamptes van die MDNI van die MNR is sekere monsters van die plaaslike materiale soos skalies, oppervlak-kalkafsettings, verweerde dolerietbasalt en redelike vars onverweerde dolerietbasalt asook monsters van hutvloere, skynbare oond vloere en potskerwe geneem vir laboratorium ondersoeke. Verder is vyf-en-estig monsters wat die suksessie van vloere by die uitgrawings gemerk MK verteenwoordig, asook addisionele monsters van die materiale vanaf die terrein, ondersoek. Laasgenoemde monsters gemerk 1 tot 69 soos in tabel 1 aangedui, is geneem en gemerk deur die verantwoordelike beampte in bevel van die uitgrawings.

2. ONDERSOEK VAN MONSTERS VAN VLOERE

Die verskillende vloere kan geredelik onderskei word. Daar was merkbare verskille in diktes van die vloere, in kwaliteit en in kleur wat daarop dui dat verskillende materiale gebruik was en dat die vakmanskap in sommige gevalle baie beter was as in ander. Dit wil voorkom asof die jonger vloere van baie beter gehalte is as die ouer vloere.

2.1 Redelik tot goed/sekonsolideerde dun vloere

Oor die algemeen is vloere 1 tot 15 dun en van redelik fyn materiaal gemaak en hulle is goed gekonsolideer en afgemerk. Hulle was skynbaar gemaak van 'n mengsel van redelike fyn skalie en verweerde dolerietbasalt. Dit wil voorkom asof in sommige gevalle alleen fyn verweerde dolerietbasalt vir die vlaklaag gebruik was.

2.2 Swak /2

2.2 Swak rekonsolideerde dik vloere

Monsters 16 tot 65 verteenwoordig oor die algemeen vloere wat dik is en van 'n swak gehalte is. Hulle was van growwe hoekige brokstukke van rooibruin skalie gemaak en hulle was baie swak gekonsolideer. Die vakmanskap was swak en die materiaal onbevredigend.

2.3 Bespreking van die vloere

Die skalies en die dolerietbasalt wat gebruik is vir die vloere kon in die omgewing voor.

Rooibruin sowel as geelwit skalies en die dolerietbasalt wat as gange voorkom word in hierdie gebied aangetref. Geologies word die gesteentes geklassifiseer as die Series Stormberg wat deel van die Karoo Sisteem uitmaak.

Die skalies bevat min klei. Vir hierdie rede was dit nie moontlik om die skalies te kompakteer om 'n digte vloer te vorm nie. Al die dik vloere het slegs uit skalie brokke bestaan en gevolglik was hulle swak gekompakteer en ook swak afgewerk m.a.w. hulle oppervlakte was nie glad en dig afgewerk nie.

Vir die dunner vloere is verweerde dolerietbasalt wat heelwat klei bevat gemeng met dieselfde skalies maar in 'n fyn vorm, wat vir die dik vloere gebruik is. Hierdie mengsel was blykbaar redelik verklaar met die gevolg dat die materiaal gekompakteer kon word en dat die oppervlakte glad afgewerk kon word. By 'n paar vloere het die boonste laag slegs uit verweerde dolerietbasalt bestaan en hierdie vloere was baie netjies afgewerk. Wanneer die dolerietbasalt 'n gevorderde stadium van verweering bereik, ontstaan 'n gelyerige kleierige materiaal en dit is heelwaarskynlik

die/3

die geel vloere waarna u verwys.

Op die oppervlakte van die meeste van die vloere en dit was veral duidelik op die dun vloere, was daar 'n dun wit lagie aanwesig. Onderzoek het aangedui dat die wit lagie uit kalsiumkarbonaat bestaan. Die verduideliking vir hierdie lagie is heel moontlik as volg: Die grond, skalies en ander gesteentes in hierdie omgewing bevat heelwat kalsiumkarbonaat.

Kalsiumkarbonaat is effens oplosbaar in water en wanneer water wat dit in oplossing bevat deur materiaal soos die vloere beweeg en op die oppervlak daarvan verdamp, presipiteer die kalsiumkarbonaat op die oppervlak. Indien hierdie proses vir 'n lang periode aanhou, ontstaan daar 'n lagie wit kalsiumkarbonaat op die blootgestelde oppervlakte. Hierdie is 'n baie stadige proses en dit kan jare neem om 'n redelike dik laag soos die geval hier is, te vorm. Indien vloere aanhoudend in gebruik was d.w.s. as daarop geloop en gewerkstaf word, sou 'n mens verwag dat die lagie kalsiumkarbonaat aanhoudend verwyder sou word. Dit wil dus voorkom asof die vloere vir tydperke nie gebruik was nie en dat daar na so 'n periode 'n nuwe vloer bo-oor die oues aangebring is m.a.w. dit dui daarop dat die hutte vir periodes onbewoon was.

Die duidelike verskille tussen die twee tipe vloere dui moontlik op 'n tegnologiese ontwikkeling aangesien die dun vloere wat bo in die suksesie voorkom van 'n hoër kwaliteit blyk te wees, veral ten opsigte van die afwerking. Ook die gebruik van 'n materiaal soos verweerde dolerietbasalt saam met die skalies dui daarop dat die voordele om 'n materiaal wat klei bevat, behend geraak het.

'n Ander moontlikheid is natuurlik ook dat 'n ander

ras /4

ras of kultuur die hulle later bewoon het en verantwoordelik was vir die beter gehalte vloere.

3. ANDER INTERESSANTE MATERIALE VANAF DIE TERREIN

Soos reeds gemeld kom daar dolerietbasalt, rooierige en wit skalies asook sandsteen voor. Verder is sommige van die afsettings, skalie en sandsteen, ryk aan kalsiumkarbonaat. Monster 66, gemerk UP kamp oppervlak het hoofsaaklik uit verweerde dolerietbasalt bestaan. Monster 67, gemerk UP kamp oppervlak is 'n rooi skalie. Monster 69, gemerk gruisgat langs die pad, het hoofsaaklik uit wit skalie en oppervlak kalsiumkarbonaat bestaan. Monster 68, gemerk gebrande houtpuin, is baie interessant in die opsig dat dit kalsiumkarbonaat ryke skalie en sandsteen is waarop daar heelwaarskynlik vuurgemaak is. Die feit dat die kalsiumkarbonaat in die vorm van aragoniet in stede van kalsiet is dui ook daarop dat die materiaal verhit was.

Gedurende 'n besoek aan die terrein is 'n growwerige, swarterige gekompakteerde materiaal wat bo-op materiaal soortgelyk aan monster 68 voorkom geneem vir ondersoek. Dit het geblyk dat hierdie materiaal uit 'n mengsel van skalie en verweerde dolerietbasalt bestaan en dat dit aan vuur blootgestel was soos duidelik gesien kan word uit die effense rooierige materiaal aan die oppervlak en swart aan die onderkant. Hierdie materiaal is in samestelling soortgelyk aan die potskerwe.

4. POTSKERWE

'n Groot aantal potskerwe is ondersoek en die volgende verskille is waargeneem :

- (i) Sommige potte was gemaak van materiaal wat redelik fyn was en die afwerking hierop was baie goed. Vir ander is meer growwe materiaal gebruik en dienooreenkomstig was die afwerking nie so glad en netjies nie.
- (ii) Sommige skerwe was rooibruin van kleur oor die hele dikte van die skerf. Ander was net

rooi /5

rooi aan die buite kante en het 'n donker-gekleurde kern gehad wat tipies is van erdewerk of steenwerk wat in reduserende omstandighede gebak is. Hierdie monsters is by. gebrand in oksiderende omstandighede in die laboratorium en het daarna ook 'n egalige rooibruin kleur gehad.

- (iii) Sommige potte is skynbaar gebak onder toestande waar lug nie vry toegang gehad het nie met die gevolg dat hulle swart geword het soos die binneste pedceltes van die ander.

X-Straal ondersoek het aangedui dat die potskerwe almal minerale soos kwarts, veldspate, nika, amfibool en piroksene bevat. Hieruit is dit duidelik dat 'n mengsel van skalies en verweerde doleriet gebruik is vir die potte. Dit skyn asof die potte gebak is by 'n tasenlike lae temperatuur sê ongeveer 600 °C - 800 °C.

Hier kan miskien genoem word dat hierdie mense deur onder- vinding of andersins kennis moes gedra het van die gedrag van materiale wat vir gebrande potte gebruik moet word. Daarom het hulle kleiagtige materiaal soos skalies met verweerde dolerietbasalt gemeng, gebruik en nie kleierige materiaal met sand of kwarts gemeng of gebruik nie want as sand of kwarts gebruik word mag die potte om te bars wanneer hulle na branding afkoel maar dit gebeur nie as die dolerietbasalt of ander nie-kwarts bevattende materiaal gebruik word nie omdat die dolerietbasalt baie min kwarts bevat. Verder het die verweerde dolerietbasalt ook die voordeel dat dit klei bevat asook veldspate wat 'n voordeel is in materiale vir gebrande potte.

Teeste van die potskerwe het 'n wit laag kalsiumkarbonaat ongebak en in 'n paar gevalle het die laag ook oor die gebreekte kante voordeel wat duidelik aantoon dat die kalsiumkarbonaat laag later ontstaan het soos op die vloere.

Teen stuk potskers is baie interessant in die opsig dat dit 'n dik laag wit materiaal op die binnelant het. In

hierdie /5

hierdie geval is dit nie kalsiumkarbonaat nie maar kalsiumfosfaat. Die verklaring hiervoor is nie voor die handliggend nie.

Die swart kleierige materiale (potklei), Greefswald-drinkplek naby Herman se skooling en Baberspannetjie in vlei, kon moontlik ook in plaas van die skalies in die mengsel vir die potte gebruik gewees het maar dit is miskien meer waarskynlik dat die skalies gebruik is. Die swart kleur van meeste van die potte moet nie aan die gebruik van swart klei toegeskryf word nie - die swart kleur van die potte is veroorsaak deur die brandingsatmosfeer.

BESKRYWING VAN VLOERMATERIALE, MAPUNGUWU

Nr	Datum	Terrein	Blok	Laag	Inhoud	Kleur	Wit kalsiet- lagie	Konso- lidasie	Dole- riet- basalt	Rooi skalie	Geel skalie	Vreemde materiale	Gebak	Opmerkings
1	1973	MK	MK 1/B3	2(2.B3.1)	Vloer	Bruin	duidelik	goed	x					Dun vloer, goed afgewerk.
2	1973	MK	MK 1/B3	2(2.B3.2)	Vloer	Bruin	duidelik	goed	x					Dun vloer, goed afgewerk met 'n doleriet vlaklaag.
3	1973	MK	MK 1/B3	3(3.B3.1)	Vloer	Bruin	swak	goed	x					ditto
4	1973	MK	MK 1/B3	3(3.B3.2)	Vloer	Bruin en swart	duidelik	goed	x	x			effens	ditto
5	1973	MK	MK 1/B3	4(4.B3.1)	Vloer	Bruin	swak	redelik	x	x				ditto
6	1973	MK	MK 1/B3	4(4.B3.2)	Vloer	Bruin	duidelik	goed	x	x				ditto
7	1973	MK	MK 1/B3	5(5.B3.1)	Vloer	Bruin	swak	swak	x	x				Los ongekonsolideerde materiaal.
8	1973	MK	MK 1/B4	1(5.B4.1)	Vloer	Bruin	duidelik	goed	x					Dun vloer, goed afgewerk met 'n doleriet vlaklaag.
9	1973	MK	MK 1/B4	6(6.B4.1)	Vloer	Ligbruin	duidelik	goed	x	x	x	Sandsteen		ditto
10	1973	MK	MK 1/B3	6(6.B3.3)	Vloer	Bruin	geen	swak	x	x				Los ongekonsolideerde materiaal.
11	1973	MK	B3	7(7.B3.1)	Vloer	Baie ligbruin	duidelik	goed	x	x				Dun vloer, met baie doleriet.
12	1973	MK	A4e	7(7.B4.1(3))	Vloer	Rooi	swak	swak	geen	x				Swak gekonsolideer, growwe hoekige rooi skalie brokke.
13	1973	MK	B4	7(7.B4.1(1))	Vloer	Ligbruin	goed	goed	x		x			Redelik gekonsolideer
14	1973	MK	B5	7(7.B5.1)	Vloer	Rooibruin	duidelik	goed	x	x				ditto
15	1973	MK	B5	7(7.B5.2)	Vloer	Ligbruin	redelik	redelik	geen	x	x	kalk knolle		
16	1973	MK 1	A5	8(8.A5.1)	Vloer	Rooi	duidelik	swak	geen	x	min	kalk knolle koolstof		Gekompakteerde skalie brokke.
17	1973	MK 1	B3	8(8.B3.1)	Vloer	Ligbruin	geen	swak	min	x				
18	1973	MK	MK 1/B4	8(8.B3.2)	Vloer	Bruin	duidelik	goed	x	x				
19	1973	MK	MK 1/B3	8(8.B3.3)	Vloer	Bruin	swak	swak	min	x	x			Tekens van gebrande materiaal.
20	1973	MK 1	B4	8(8.B4.1)	Vloer	Baie ligbruin	geen	swak	geen		x	kalk knolle		
21	1973	MK 1	B4	8(8.B4.2)	Vloer	Bruin	swak	swak	min	x	x		ja	Gebakte materiaal.

Nr	Datum	Terrein	Blok	Laag	Inhoud	Kleur	Wit kalsiet- lagie	Konso- lidasie	Dole- riet- basalt	Rooi skalie	Geel skalie	Vreemde materiale	Gebak	Opmerkings
22	1973	MK 1	B4	8(8.B4.3(1))	Vloer	Ligbruin	swak	swak	x	x	x			Gekompakteerde rooi skalie brokke.
23	1973	MK 1	A4	8(8.B4.3(1))	Vloer	Rooibruin	swak	swak	min	x				
24	1973	MK 1	B4	8(8.B4.3(2))	Vloer	Ligbruin	swak	swak	min		x			
25	1973	MK	MK 1/A3	9(i)(9(i).A3.1)	Vloer	Rooi	swak	swak	geen	x				Gekompakteerde rooi skalie brokke.
26	1973	MK	MK 1/B3	9(i)(9(i).B3.1)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x				ditto
27	1973	MK	MK 1/B3	9(i)(9(i).B3.2)	Vloer	Ligbruin	geen	geen	x	x				
28	1973	MK	MK 1/B4	9(ii)(9(ii).B4.1)	Vloer	Rooi	geen	geen	geen	x		agaat		Gekompakteerde rooi skalie brokke.
29	1973	MK	MK 1/A3	9(ii)(9(ii).A3.3)	Vloer	Swart	duidelik	goed				koolstof been	ja	Goed afgewerk - fyn materiaal.
30	1973	MK	MK 1/A5	9(ii)(9(ii).A5.2)	Vloer	Bruin	geen	geen	geen	x				Rooi skalie brokke.
31	1973	MK	MK 1/A3	9(ii)(9(ii).A3.2(i))	Vloer	Rooi	geen	geen	geen	x	min		effens	ditto
32	1973	MK	MK 1/A4	9(ii)(9(ii).A4.2)	Vloer	Rooi	geen	geen	geen	x	min		effens	ditto
33	1973	MK	MK 1/A5	9(ii)(9(ii).A5.3)	Vloer	Rooibruin	swak	swak	min	x		been		ditto
34	1973	MK	MK 1/B3	9(ii)(9(ii).B3.1)	Vloer	Rooi	geen	swak	min	x		kalk knolle		ditto
35	1973	MK	MK 1/B4	9(ii)(9(ii).B4.1)	Vloer	Rooi	geen	swak	min	x		kalk knolle		ditto
36	1973	MK	MK 1/A3	10(10.A3.1)	Vloer	Rooi	swak	swak	geen	x	x			ditto
37	1973	MK	MK 1/A3	10(10.A3.2)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x		been		ditto
38	1973	MK	MK 1/A3	10(10.A3.3)	Vloer	Rooi	geen	geen	geen	x				ditto
39	1973	MK	MK 1/A3	10(ii)(10.A3.6)	Vloer	Rooi	swak	swak	geen	x				ditto
40	1973	MK	MK 1/A3	10(ii)(10.A3.7)	Vloer	Rooi	swak	swak	geen	x				ditto
41	1973	MK	MK 1/A3	10(ii)(10.A3.8)	Vloer	Rooi	swak	swak	geen	x				ditto
42	1973	MK	MK 1/A3	10(ii)(10.A3.9)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x	x	koolstof		ditto
43	1973	MK	MK 1/A3	10(ii)(10.A3.10)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x	min			
44	1973	MK	MK 1/A3	10(ii)(10.A3.11)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x	min			Vloer lê op sandsteen.
45	1973	MK	MK 1/A4	10(10.A4.2)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x	min			
46	1973	MK	MK 1/A4	10(10.A4.3)	Vloer	Wit	geen	redelik	geen	x		baie kalk		Donker oppervlak effens gebrand.
47	1973	MK	MK 1/A4	10(ii)(10.A4.4)	Vloer	Lig rooibruin	geen	redelik	geen	x	x			Rooi skalie brokke.
48	1973	MK	MK 1/A4	10(ii)(10.A4.5)	Vloer	Lig rooibruin	baie swak	redelik	geen	x	x			ditto

Datum	Terrein	Blok	Laag	Inhoud	Kleur	Wit kalsiet-lagie	Konso-lidasie	Dole-riet-basalt	Rooi skalie	Geel skalie	Vreemde materiale	Gebak	Opmerkings
1973	MK	MK 1/A4	10(iii)(10.A4.6)	Vloer	Lig rooibruin	swak	redelik	geen	x	x			Rooi skalie brokke.
1973	MK	MK 1/A5	10(iv)(10.A5.21)	Vloer	Rooi	geen	geen	geen	x		been		ditto
1973	MK	MK 1/B3	10(10.B3.1)	Vloer	Steenrooi	swak	swak	geen	x				ditto
1973	MK	MK 1/B4	10(10.B4.1)	Vloer	Geel bo Swart onder	goed	goed	geen	x			x	Dun vloer.
1973	MK	MK 1/B4	10(10.B4.1)	Vloer	ditto	goed	goed	geen	x				ditto
1973	MK	MK 1/B4	10(10.B4.2)	Vloer	Vaal	goed	goed	geen		x			Fyn sand op oppervlakte.
1973	MK	MK 1/B4	10(10.B4.3)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x				Rooi skalie brokke.
1973	MK	MK 1/B4	10(10.B4.3)	Vloer	Rooi	geen	swak	geen	x				Potskerf en been.
1973	MK	MK 1/B3	11(11.B3.3)	Vloer	Geel bo Swart onder			geen				x	Gebrand - materiaal geblus.
1973	MK	MK 1/B3	11(11.B3.12)	Vloer	Sjokolade kleur		swak	x				x	Effens gebrand.
1973	MK	MK 1/B4	11(11.B4.12)	Vloer	Rooi	swak	swak	x					Lyk soos padgruis.
1973	MK	MK 1/B3	11(11.B4.3)	Vloer	Geel bo Swart onder	duidelik	swak	x	xx	x		x	Krummelrig en sag.
1973	MK	MK 1/A3	11(11.A3.9)	Vloer	Ligrooi	duidelik	goed	x	x				
1973	MK	MK 1/A4	11(11.A4.2)	Vloer	Rooi	swak	swak	geen	x	x			Skalie brokke en sand.
1973	MK	MK 1/B5	11(11.A5.3)	Vloer	Rooi	duidelik	goed	x	x	x			
1973	MK	MK 1/A5	11(11.A5.4)	Vloer	Rooi		swak	geen	x	x		effens	Koolstof.
1973	K2	TS4	TS4	Vloer									Liggkleurde skalie mengsel - konsolideer met 'n plastiekstof.
1973	Greefs-wald	UP Kamp	Oppervlakte	Gruis									Verwerde dolerietbasalt
1973	"	"	"	Gruis									Rooi skalie brokke, sommige bedek met 'n lagie kalsiet.
1973	MK	MK 1/A4	9(9.A4.1)	Gebrande houtpuin	Oranje-geel							x	Gebrande sand/klei kluit.
1973		Gruisgat langs pad		Gruis	Vaal-wit	duidelik							Oppervlakte kalk.

BYLAE 5/2

VERSLAG OOR METALLURGIESE MONSTERS

deur Departement Metallurgiese Ingenieurswese
Universiteit van Pretoria

Houer nr en Kode nr	Terrein	Op= grawing	Blok	Hoof= laag	Laag	Beskrywing	Monster nr
56/01.01	K2					koperhandvatset	mo 56a
57/01.01	K2	Ts 4		.01	2	metaalslak	mo 57a
58/01.03	K2	Ts 4	A3	.03	6	slak	mo 58a
59/01.02	K2	Ts 6	A2	.02	3	ysterslak	mo 59a
60/02.01	MST	MST	H9	.01	2	slak	mo 60a
70/02.02	MST	MST	J9	.02	4 (B)	slak	mo 70a
76/02.02	MST	MST	F4	.03	9 (ii)	slak	mo 76
77/02.04	MST	MST	F4	.04	9 (i)	koperkorrels	mo 77
78/02.04	MST	MST	F4	.04	9 (i)	slak	mo 78
79/03.04	Mk	Mk 1	A4	.04	11	slak	mo 79a
81/03.04	Mk	Mk 1	B3	.04	11	koperkorrels	mo 81a

Afkortings

opp. oppervlakte (van stratifikasie)

MST Mapungubwe: Suidelike Terras

Mk Mapungubwekop

Algemeen

Met "koude smee" van koper word bedoel smeding by einge temperatuur laer as ongeveer 400° C.

Monster 2a/2b. Koperarmband

1. Koper.
2. Warm gesmee (uitgehamer).
3. Bevat koolstofryke slakinklusies wat verleng is in die smeerigting (dui aan dat die koper verkry is in 'n reduksieproses in 'n smeltoond met koolstof (houstkool) as reduseermiddel).
4. Fyn koperoksied-partikels as onsuiverheid - lengtelings georiënteer in smeerigting.

Monster 4a. Koperdraad

1. Koper.
2. Warm gesmee (uitgehamer).
3. Struktuur verder dieselfde as 2a/2b, behalwe dat daar baie minder slakinklusies voorkom.

Monsters 2a/2b en 4a behoort dieselfde oorsprong te hê.

Monster 16a/16b. Koperarmband

1. Koper.
2. Koude smee (uitgehamer). Die vervormde aard van die korrels toon koue smeding.
3. Koolstofryke slak en fyn koperoksiedes soos in 4a en 16a/16b.

Die koude smee proses toon 'n moontlike verandering in verwerkings-tegniek t.o.v. 4a en 2a/2b, maar dit mag ook wees dat die stuk koper tog vooraf verhit was, maar dat dit daarna aansienlik afgekoel het voordat dit verwerk is.

Monster 77. Koperkorrels

1. Koper.
2. Die vorm van die korrels bevestig 'n gietstruktuur - wat bevestig dat dit 'n oorblywende druppel in slak afkomstig van 'n smeltproses is.
3. Geen slakinklusies maar eweredig verspreide fyn koperoksied as onsuiverheid.

Monster 81a. Koperkorrels

1. Koperkorrels.
2. Dieselfde as 77.
3. Geen slakinklusies en minder onsuiverhede as in geval 77.

Monsters 24, 31, 38. Ysterspirale

Die oorspronklike struktuur is volkom vernietig deur oksidasie. Die spirale is heelwaarskynlik volgens dieselfde metode vervaardig as wat die geval is met die koperspirale.

Monster 45a. Goudkrale

1. Gedeë goud.
2. Koudgesmee.

Monster 49a. Goue spiraal

1. Gedeë goud.
2. Uitgehamer en opgedraai.

METALLURGIESE WAARNEMINGS

J. BECKER.

Monster 6a Gedeelte v. ystervoorwerp. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Toon 'n medium koolstofstaal met ferriet op korrelgrense en perliet. Redelike skoon staal.
Die struktuur toon dat die staal stadig afgekoel is van 'n hoë temperatuur.

Monster 7a Ysterdissel. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Lae koolstofstaal met primêre ferriet en perliet.
Wat belangrik is, is die inklusies wat as lang uitgerekte stringe voorkom. Dit toon dat die staal gesmee is.
Die smeeproses moes finaal by 'n redelike lae temperatuur uitgevoer gewees het. Toon nie dieselfde uitgegloeide struktuur as by 6a nie. (Vgl. foto's 1 en 2).

Monster 7b Ysterdissel. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
'n Lae koolstofstaal met baie ferriet en min perliet.
Redelike klein korrelstaal. Moes ook stadig afgekoel gewees het. Klein korrels toon redelike sterkte. (Vgl. foto 3).

Monster 8a Stuk yster. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Toon 'n medium koolstofstaal met perliet en ferriet teenwoordig. Ook belangrik dat sekere gedeeltes gesferoidiseer is. Dit wil dus voorkom asof dit vir 'n lang tyd net onder 700° C gehou is maar verder stadig afgekoel is. (Vgl. foto 4).

Monster 10a Stuk yster. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Toon perlitiese ferritiese struktuur. Hoë koolstofstaalstaal. Bevat inklusies. Dus nie so suiwer nie. Ook in die geval semi-gesferoidiseer. (Vgl. foto 5).

Monster 10b Stuk yster. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Fyn struktuur met inklusies. Wil voorkom asof koud
verwerk is. (Vgl. foto 6).

Monster 11a Stuk yster. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Lae koolstofstaal met ferriet en perliet. (Vgl. foto 7).

Monster 11b Stuk yster. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Baie lae koolstofstaal. Dus alle koolstof verwyder
gedurende die vervaardigingsproses. Koud verwerk
(geen inklusies). Daarna verhit tot hoë temperatuur, nl.
800° C tot 900° C. Kry dus geweldige korrelgroei. (Vgl. foto 8).

Monsters 12a en 13a Ysterpylpunt. (Vgl. lys v. met. monsters).
Baie hoë koolstofstaal. Sag gemaak deur vir 'n lang tyd
by ongeveer 650°-700° C te hou en daarna stadig af te koel.
Hier is 'n mooi gesferoidiseerde struktuur met geweldig baie
karbiedes. Staal bevat ook inklusies. Moontlik gebruik
waar hoër hardhede benodig was. (Vgl. foto's 9 en 10).

Monster 14a Ystervoorwerp. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Baie lae koolstofstaal met baie inklusies (onsuiwerhede).
Staalmaak-proses dus swak. (Vgl. foto 11).

Monster 18a Ystervoorwerp. (Vgl. lys van metallurgiese monsters).
Uitgegloeide medium koolstofstaal met ferriet en perliet.
Dus baie stadig afgekoel van hoë temperatuur. (Vgl. foto 12).

BYLAE 5/3

VERSLAG OOR GLASKRALE

deur Claire C. Davison
University of California, USA

THREE CHEMICAL GROUPS OF GLASS BEADS
AT THE GREEPSWALD SITES

Claire C. Davison

INTRODUCTION

Samples of glass beads from recent excavations at Mapungubwe Hill, Mapungubwe Southern Terrace, and Bambandyanalo (K₂) were provided for study.

Chemical analyses of glass beads found in southern and eastern African archaeological sites have resulted in a chemical classification, part of which is shown in Figure 1. Three classifications from this Figure concern us in the present study. These three are:

- (1) the M₁ Chemical Group
- (2) the Trade Wind Bead Chemical Group
- (3) the Mapungubwe Chemical Group I

All three Groups occur at the three localities known as Mapungubwe Hill, Mapungubwe Southern Terrace, and Bambandyanalo (K_2); but patterns of distribution occur. The chief Group at Bambandyanalo is the M_1 Group, containing the "beads of M_1 type" and the "garden roller" beads discussed below. The chief Group at Mapungubwe Hill is the Mapungubwe Chemical Group I, containing the "Mapungubwe oblate" series. The writer has not determined which, if any, group is numerically predominant at Mapungubwe Southern Terrace.

The Trade Wind Bead Chemical Group occurs at all three localities. The new samples of glass beads from Mapungubwe Hill, taken from the strata rather than from specific burials, show a higher proportion of apparent "trade wind beads" than the present writer had previously indicated to exist at Mapungubwe (Davison 1972). Other authorities had given better indication of the relative proportions of these apparent trade wind beads (van Riet Lowe 1955; Gardner, 1963). They did not use the same terminology, however. The Trade Wind Bead and M_1 Chemical Groups are probably closely related to one another from the manufacturing point of view.

Until the present study, the chronological relations between the Mapungubwe and M_1 Chemical Groups were not very clear. Radiocarbon and comparative stratigraphic dating indicated that the deposits of Mapungubwe Hill postdated the deposits of Bambandyanalo. However, beads chemically

matching Mapungubwe Chemical Group I (the members of which were oblates from Burial 14 on Mapungubwe Hill) were found on a burial at Bambandyanalo. Therefore, it was not clear whether the Mapungubwe Chemical Group I, so well represented on Mapungubwe Hill, was a more recent arrival in (this part of) southern Africa than the M_1 Group, so well represented at Bambandyanalo; or whether the Mapungubwe Chemical Group I was about as old as the M_1 Group, for some reason not becoming numerous until later.

New radiocarbon dates, associated with glass beads from the recent excavations at Mapungubwe Southern Terrace, indicate that the Mapungubwe oblates (samples of which comprised the Mapungubwe Chemical Group I) arrived up to about 170 years after the M_1 Group and the Trade Wind Bead Group had arrived. The samples sent for study show a predominance of beads of M_1 type and trade wind beads at Bambandyanalo and in the earlier part of the sequence at Mapungubwe Southern Terrace. Later, the beads of M_1 type thin out, more than the trade wind beads do, but neither Group disappears entirely, and Mapungubwe oblate beads are added to them in the upper part of the sequence. In Block K8 of Mapungubwe Southern Terrace, the Mapungubwe oblate additions seem to begin in layer 7, being rare in layers 7 to 4, and more common later. At Mapungubwe Hill, MK1, the oblates seem to be present in the bottom layer (layer 11). At Bambandyanalo (K_2 , TS3) two possible oblates appear in

layer 10 and several appear in layer 1.

If the relative proportions of the samples sent for study reflect the sites as a whole in regard to the first appearance of the oblates, then it would appear that the oblates began to arrive several decades, up to about 170 years, after the other two kinds of beads began to arrive, before activity on the Hill started, and before activity at Bambandyanalo ceased. Therefore, the dozen or so burials (Gardner 1963, van Riet Lowe 1955) from Bambandyanalo which bore Mapungubwe-oblate-type beads must postdate other burials at Bambandyanalo (at the very least, the dated "beast" burial No. 6) by a few generations. For two of these burials (Skeletons 18 and 21), some Mapungubwe-oblate-type beads have been shown chemically to match the Mapungubwe Chemical Group I (discussed below).

CHEMICAL GROUPS

THE M₁ CHEMICAL GROUP

This group contains small transparent to translucent blue-green (Munsell Color 7.5BG,8/5) reheated cane beads. Such beads have long been recognized as a stylistic type (Gardner 1963, van Riet Lowe 1955, Robinson 1961b, Schofield 1958, and personal observations). The type has been designated the M₁ type by the writer, adopting the designation from the excavator, Gardner, but restricting it in meaning to the blue-green beads (compare Gardner's wider meaning, 1963: 33).

Beads of M_1 type have a limited distribution. Their main occurrence is at the Greefswald sites. A few dozen occur in phase 2 at Zimbabwe; judging by published descriptions two occur at Leopard's Kopje (Robinson 1966); one occurs at the Gokomere Tunnel Site and one, bearing the label "Sofala" exists in the collection of the late Dr. van der Sleen. The M_1 type does not include the blue-green snapped canes found in LK1 and LK2 sites (Robinson 1966, Summers 1967) or in Test V, layer 3 at Zimbabwe (Robinson 1961b).

in hooflaag 01. Op die Suidelike Terras word hooflaag 01 ook van die ander geskei deur 'n laag gebrande hutpuin. Op albei terreine word die ander hooflae hoofsaaklik van mekaar geskei deur lae gebrande hutpuin. Laag 04 is die onderste (oudste) hooflaag op elk van hierdie twee terreine.

Die spesifieke hooflaagnommers wat aan die "potwerk-hooflae" toegeken is, is dié wat vir die doeleindes van rekenaar-verwerkings gekies is. Die nommers van die "potwerk-hooflae" kan ook nie verwar word met die nommers van die lae en ("stratigrafiese") hooflae of "bewoningsfases" wat in hoofstuk 4 t.o.v. laagbeskrywings gebruik is nie.

Die opvatting dat elke hooflaag 'n moontlike kulturele bewonings-"fase" verteenwoordig, is 'n hipotese waarvan die geldigheid of korrektheid bewys moet word deur die tradisionele tipologiese kenmerke van die potwerk.

Die samevatting van die lae tot hooflae en elke opgraving word voorts uiteengesit.

Terrein K2

Opgraving Rn 2 : hooflaag 01 : lae 1,2
 hooflaag 02 : laag 3
 hooflaag 03 : lae 4,5

Opgraving Ts 1 : hooflaag 01 : lae 1,2
 hooflaag 02 : laag 3
 hooflaag 03 : lae 4,5

Opgraving Ts 2 : hooflaag 01 : lae 1,2
 hooflaag 02 : laag 3
 hooflaag 03 : laag 4

Opgraving Ts 3 : hooflaag 01 : lae 1-11
 hooflaag 02 : lae 12-16
 hooflaag 03 : lae 17-18

Opgraving Ts 4 : hooflaag 01 : lae 1,2
 hooflaag 02 : lae 3-5
 hooflaag 03 : lae 6,7

Opgrawing Ts 5 : hooflaag 01 : laag 1
 hooflaag 02 : laag 2
 hooflaag 03 : laag 3

Opgrawing Ts 6 : hooflaag 01 : lae 1-3
 hooflaag 02 : lae 4,5
 hooflaag 03 : lae 6-13

Terrein Suidelike Terras

Blok F4 : hooflaag 01 : lae 1,2
 hooflaag 02 : lae 3-7(ii)
 hooflaag 03 : lae 7(iii)-8
 hooflaag 04 : lae 9-11

Blok H5 : hooflaag 01 : lae 1,2
 hooflaag 02 : lae 3,4
 hooflaag 03 : lae 5-6(ii)
 hooflaag 04 : laag 6(iii)

Blok K8 : hooflaag 01 : lae 1-3
 hooflaag 02 : lae 4-8
 hooflaag 03 : lae 9-15
 hooflaag 04 : lae 16,17

MST 1, Blok A2 : hooflaag 01 : lae 1-3
 hooflaag 02 : lae 4-10
 hooflaag 03 : lae 11-13
 hooflaag 04 : lae 14,15

Terrein Mapungubwekop

Opgrawing Mk 1 : hooflaag 01 : lae 1-3
 hooflaag 02 : lae 4-9
 hooflaag 03 : laag 10
 hooflaag 04 : laag 11

Opgrawing Mk 3 : hooflaag 01 : lae 1-5
 hooflaag 02 : lae 6,7

Vir die doeleindes van die rekenaarverwerkings word die opgrawings "opnames" genoem.

2.2 TIPOLOGIE

2.2.1 Algemeen

Die kriteria wat aangewend word om die kenmerkende eienskappe van die potwerk vas te stel, is die volgende:
potvorm, lipvorm, oppervlakte-kleur, kwaliteit van oppervlakte-afwerking, versierings, kwaliteit van versierings, posisie van versierings op die potvorms, diverse aanvoegsels soos tuite en ore, asook die posisie van diverse aanvoegsels op die potvorms.

Omdat oorblyfsels van verskillende potwerktradisies op die Greefswald-terreine voorkom in 'n gekompliseerde opeenvolging van lae en omdat die potwerktradisies nog nie binne chronologiese laagverband duidelik omskryf is nie, word spesifieke vereistes aan hierdie potwerkstudie gestel.

(i) Die indeling van die verskillende soorte potvorms, versierings en ander eienskappe moet voorsiening maak vir die identifikasie van enige moontlike variasies en afwykings wat mag bestaan. Die doel hiervan is om die presiese aard van elke potwerktradisie asook die inherente veranderinge wat mettertyd in sodanige tradisie mag ontwikkel, vas te stel. Die doel is voorts om die wedersydse beïnvloeding tussen twee potwerktradisies wat gelyktydig op een terrein voorkom, te kan onderskei van die oorspronklike, tradisie-"egte" kenmerke van die onderskeie potwerktradisies.

(ii) Die klassifikasie van die potwerk moet daarvoor voorsiening maak dat die spesifieke kenmerke of attribute wat vir die terreinbewoners belangrik was, duidelik geïdentifiseer kan word en onderskei word van minder belangrike kenmerke. Die doel hiervan is om die basiese tipologiese karakter van die betrokke potwerktradisie duidelik te kan definieer. Met behulp van sodanige duidelik gedefinieerde potwerktradisie as kultuur-identifikasiemedium kan die verband van die Greefswaldkulture binne die konstellasië van ystertydperkulture in suidelike Afrika duideliker waargeneem word.

(iii) Die potwerk-eienskappe moet so eenvoudig, duidelik, meetbaar en herhaalbaar as moontlik beskryf word, sodat die eienskappe wat die pottemakers in hulle potwerk wou weergee, so objektief en lewensgetrou as moontlik aan die leser oorge- dra kan word.

Die hantering van die onderskeie kriteria word vervolgens bespreek.

2.2.2 Potvorm

Die basiese vorms van die eksemplare word m.b.v. drie metodes bepaal, soos volg.

- (i) Klassifikasie volgens aan- en afwesigheid van nekgedeeltes.
- (ii) Die potvorms word vergelyk met algemeen bekende geo- metriese vorms, bv. bolvorm, ellipsvormige profiel, silinder- vorms ens.
- (iii) Die gebruik van indeksyfers om spesifieke potvorms meetbaar te kan beskryf, bv. die hoogte-breedte-verhouding van 'n tipe in die vorm van 'n persentasie-verhouding.

Ter verduideliking kan die berekening van die onderskeie soorte indekssyfers soos volg beskryf word.

- (i) Die a/b-indeks. Die romp- of lyf- ("body") hoogte ("a") van 'n eksemplaar in verhouding tot die rompbreedte ("b") daarvan: $\frac{a}{b} \times \frac{100}{1}$. Byvoorbeeld 'n eksemplaar waarvan die romp 25 cm hoog en 30 cm breed is: $\frac{25}{30} \times \frac{100}{1}$
 $= \frac{25}{30} \times \frac{100}{1}$
 $= 83.3$
 $= 83$ (vereenvoudig tot die naaste heelgetal).

Die a/b-indeks van hierdie eksemplaar is 83; m.a.w. die romp- hoogte van die eksemplaar is 83% soveel as die rompbreedte daarvan.

- (ii) Die c/b-indeks. Die bekwydte ("c") in verhouding tot die rompbreedte ("b") = $\frac{c}{b} \times \frac{100}{1}$.

(iii) Die d/e-indeks. Die nekhoogte ("d") in verhouding tot die totale hoogte ("e"): $\frac{d}{e} \times \frac{100}{1}$. (Totale hoogte is nekhoogte + romphoogte).

(iv) Die d/a-indeks. Aanvanklik is die nekhoogte ("d") van die eksemplare wat nekke het, in verhouding tot die romphoogte ("a") bereken: $\frac{d}{a} \times \frac{100}{1}$. Die resultaat was egter minder geslaagd as die d/e-indeks en is gevolglik nie verder gebruik nie.

M.b.v. die bg. metodes word die potvorms verdeel in groepe wat elk 'n groepnommer ontvang vir klassifikasie-doeleindes. Elke groepnommer bestaan uit twee syfers. Elke groep word verder onderverdeel in variasies van potvorms. Elke variasie ontvang sy eie variasie-nommer wat eweneens uit twee syfers bestaan en agteraan die groepnommer gevoeg word. Elke spesifieke potvorm het derhalwe sy eie klassifikasie-nommer wat uit vier syfers bestaan.

2.2.3 Lipvorm

Dit lyk of lipvorm nie 'n prominente rol gespeel het in die potwerktradisies van die Greefswald-terreine nie, behalwe om bloot net die afgewerkte randgedeeltes van die potwerk-eksemplare te vorm. Die profiele van die lipgedeeltes vertoon minder prominente vormvariasies, waarvolgens dit in 'n reeks van lip-soorte ingedeel is.

2.2.4 Kleur

Dit wil voorkom of sekere oppervlakte-kleure van die potwerk verband hou met sekere potvorms. Uitgesoekte potwerk-eksemplare waarop die onderskeie kleure voorkom, is vir vergelykingsdoel-eindes as 'n "kleurskaal" gebruik. Elk van hierdie kleurvoorbeelde het 'n kleurnommer gekry en die kleure van die ander eksemplare is daarvolgens geklassifiseer.

2.2.5 Kwaliteit van oppervlakte-afwerking

Die mate van netheid, slordigheid of presiesheid waarvolgens

potwerk-oppervlaktes afgewerk is, hang saam met die onderskeie potvorms wat voorkom. Die kwaliteit van oppervlakte-afwerking is in vier graderings verdeel en daarvolgens geklassifiseer. Die graderings is m.b.v. woordelikse beskrywings in foto's van voorbeelde geïllustreer. Die graderings is as 'n graderingskaal gebruik waarmee die klassifiseerbare potwerk vergelyk is vir klassifikasie-doeleindes.

2.2.5 Versiering

Die potwerk van die Greefswald-terreine toon 'n groot verskeidenheid van variasies en kombinasies van variasies. Vir die doeleindes van die ondersoek is die variasies so ver as moontlik afsonderlike klassifikasienommers toegeken. Die basiese vorm van die versiering is so ver as moontlik in terme van bekende geometriese vorms soos driehoeke beskryf en as sodanig in 'n aantal groepe verdeel. Elke groep ontvang 'n nommer wat uit twee syfers bestaan. Die basiese vorms van die versierings is normaalweg "ingevul" m.b.v. gesnyde lyne, geprikte gaatjies, bepaalde stempelmerke ens. Volgens die aard van hierdie "invulling" is elk van die groepe versierings in 'n verskeidenheid van "variasies" onderverdeel. Elke variasie het 'n klassifikasie-nommer van twee syfers ontvang wat agter aan die twee syfers van die groepnommer gevoeg is. Elke versiering het dus 'n klassifikasie-nommer wat uit vier syfers bestaan.

In talle gevalle kom twee soorte versierings wat elk reeds 'n die klassifikasienommer het, gekombineerd op een potwerk-eksemplaar voor. Hierdie versieringskombinasie verteenwoordig 'n identifiseerbare, afsonderlike versierings-"idee" en ontvang 'n ander, eie klassifikasie-nommer om dit te onderskei van alle ander versieringskombinasies of -"idees".

Versierings word verder ook gekenmerk deur die kwaliteit of mate van netheid waarmee dit uitgevoer is, asook die posisie van die versierings op die potvorms.

2.2.6 Kwaliteit van versiering

Die mate van netheid, presiesheid of slordigheid waarvolgens die versierings uitgevoer is, hou verband met die soort potvorm waarop die versierings voorkom. Vir vergelykings- en klassifikasie-doeleindes is die kwaliteit van versiering in vier graderings ingedeel. Voorbeelde van hierdie graderings is as 'n skaal gebruik waarvolgens die versieringskwaliteite van die klassifiseerbare eksemplare beoordeel kan word.

2.2.7 Posisie van versiering

Die posisie van die verskillende soorte versierings hou verband met die aard van die versiering en die soort potvorm waarop dit voorkom. Die posisies van die versierings op verskillende soorte potvorms is klassifikasie-nommers toegeken.

2.2.8 Diverse aanvoegsels

'n Opvallende karaktertrek van die Greefswald-potwerk is dat sekere aanvoegsels soos tuite, ore, knoppe ens. in sommige gevalle op sekere potvorms voorkom. Hierdie aanvoegsels is in verskillende groepe ingedeel. Elke groep ontvang 'n klassifikasie-nommer wat uit twee syfers bestaan. Elke groep word onderverdeel in variasies. Elke variasie ontvang 'n klassifikasie-nommer wat uit twee syfers bestaan en agteraan die klassifikasie-nommer van die betrokke groep gevoeg word. Elke variasie het dus 'n klassifikasie-nommer wat uit vier syfers bestaan. In gevalle waar sekere aanvoegsels soos knoppe of ore oënskynlik deel vorm van 'n gewone versiering wat uit insnydings ens. bestaan, ontvang sodanige kombinasie 'n afsonderlike klassifikasie-nommer. Die klassifikasie-nommers van die diverse aanvoegsels het die afkorting "da" agteraan om dit duidelikheidshalwe te onderskei van die klassifikasie-nommers van die versierings.

2.2.9 Posisie van diverse aanvoegsels

Die diverse aanvoegsels kom voor in verskillende posisies op die

verskillende potvorms. Hierdie posisies ontvang elk 'n klassifikasie-nommer.

2.3 HOEVEELHEIDSBEPALING, ATTRIBUTE EN ATTRIBUUT-KOMBINASIES

Tydens die aanvanklike identifikasie van potwerkkenmerke (attribute) word alle kenmerke gelyke waarde of belangrikheid toegeken. Derhalwe word die kenmerke bloot net beskryf as "kenmerke", "attribute" of "variasies" waar nodig. Individuele attribute soos sekere potvorms of sekere versierings wat so dikwels in 'n bewoningsfase voorkom dat dit statisties prominent vertoon, word as "belangrike" of "prominente" attribute of kenmerke onderskei. Dié wat statisties onbelangrik vertoon, word as "onbelangrike" attribute, variasies of afwykings beskou. Die term "tipe" word nie hier gebruik nie.

In dié gevalle waar 'n sekere attribuut-kombinasie (bv. 'n sekere potvorm gekombineer met sekere versierings, lipvorms en kleure) so dikwels voorkom dat dit 'n prominente verskynsel in die betrokke potwerktradisie vorm, word dit 'n "pottipe" genoem. Vir elke potwerktradisie word verskeie van hierdie "pottipes" as 'n tipereeks onderskei van die minder belangrike variasies of afwykings.

Die getalsterkte en persentasies van die individuele attribute en attribuut-kombinasies (binne hooflaag- en terreinverband) word m.b.v. rekenaar-verwerkings in tabelle aangedui. Hierdie rekenaar-tabelle is so omvangryk van aard dat slegs die nodige uittreksels daaruit gemaak word vir die doeleindes van die verslag. Die rekenaar-verwerkings word in die departementele argief bewaar waar dit deur navorsers bestudeer kan word.

3. ATTRIBUTE VAN DIE POTWERK

Die verskillende kenmerke van die Greefswald-potwerk wat vir klassifikasie-doeleindes gebruik word, word kortliks beskryf.

3.1 POTVORM

Die mees opvallende kenmerk van 'n potwerk-eksemplaar is die algemene vorm daarvan, soos in profiel gesien. Die vorm van 'n eksemplaar word hoofsaaklik bepaal deur tradisie asook die funksie wat dit moes vervul. Dit wil voorkom of potvorms minder speelruimte laat vir variasie as byvoorbeeld versierings. Die aard van die attribuut-kombinasies skep ook die indruk dat sekere potvorms spesifieke kombinasies vorm met sekere versierings, posisie van versierings op die potvorms, kleure, kwaliteite van afwerking e.s.m. Dit wil voorkom of die vorm van 'n potwerk-eksemplaar die middelpunt was van die kenmerke wat 'n pottemaker in sy skepping wou kombineer. Potvorm word derhalwe ook vir die doeleindes van hierdie ondersoek as uitgangspunt geneem vir die daarstelling van "tipes" en "tipe-reeks". Die vorms wat waargeneem is, is die volgende.


Groep 01 : die silindriese groep

Hierdie groep is in bestaande literatuur bekend as "bekers" en "bekerbakke". "Bekers" is dié eksemplare waarvan die deursnee van die bek kleiner is as die hoogte daarvan. "Bekerbakke" is dié eksemplare waarvan die deursnee van die bekgedeelte groter is as die hoogte daarvan. Die basiese geometriese vorm van hierdie bekers en bekerbakke is dié van 'n silinder. Klein variasies in vorm kom egter voor. Die aanvanklike klassifikasie en beskrywing van hierdie groep word kortliks tesame met hulle onderskeie klassifikasie-nommers verduidelik.

Vorm nr. 01.00


Dit is gedeeltes van òf "bekers" òf "bekerbakke" wat sodanig gebreek is dat 'n meer presiese klassifikasie daarvan onmoontlik is. Hierdie eksemplare word nogtans as deel van die silindriese groep met 'n afsonderlike klassifikasie-nommer ondersoek.

Vorm nr. 01.01




Bekwydte minder as hoogte; sykante parallel en reguit.

Vorm nr. 01.02




Bekwydte minder as hoogte; sykante parallel maar effens hol na binne.
(Vgl. foto's 10 en 11).

Vorm nr. 01.03




Bekwydte minder as hoogte; sykante parallel maar effens bolrand na buite.
(Vgl. foto 12).

Vorm nr. 01.04




Bekwydte minder as hoogte; bokant van romp effens breër as onder; sykante reguit.
(Vgl. foto's 14 en 15).

Vorm nr. 01.05




Bekwydte minder as hoogte; bokant van romp effens breër as onder; sykante geneig om effens hol te wees.

Vorm nr. 01.06




Bekwydte minder as hoogte; bokant van romp breër as onder; sykante bol ietwat na buite uit. (Vgl. foto 16).

Vorm nr. 01.07




Bekwydte meer as hoogte; sykante parallel en reguit. (Vgl. foto 4).

Vorm nr. 01.08




Bekwydte meer as hoogte; sykante parallel maar effens hol na binne. (Vgl. foto 5).

Vorm nr. 01.09




Bekwydte meer as hoogte; sykante parallel maar effens uitgebol na buite. (Vgl. foto 6).

Vorm nr. 01.10




Bekwydte meer as hoogte; bokant van romp breër as onder; sykante reguit.
(Vgl. foto 7.)

Vorm nr. 01.11




Bekwydte meer as hoogte; bokant van romp breër as onder; sykante ietwat hol na binne.
(Vgl. foto 8).

Vorm nr. 01.12



Bekwydte meer as hoogte; bokant van romp breër as onder; sykante ietwat uitgebol na buite.
(Vgl. foto 9).

Vorm nr. 01.13



Hierdie vorm is betreklik onbekend. Dit het 'n silindriese vorm, is baie groot en die enkele eksemplare wat geïdentifiseer is, is sodanig gebreek dat 'n rekonstruksie daarvan moeilik gemaak kan word. Een eksemplaar is gemeet. Hoogte 31 cm; a/b-indeks is 13.

Vorm nr. 01.14



Een eksemplaar met hierdie vorm kom voor. Dit is klein, vlak en bokant breër as onder.

Vorm 01.15


Die "beker"-variasies nrs. 01.01 tot 01.06 is om praktiese redes gesamentlik die klassifikasie-nommer 01.15 toegeken deur die rekenaar. "Bekers" word dus as 'n enkele entiteit geklassifiseer as "vorm 01.15" om dit meer doeltreffend in statistiese tabelle met ander vorms te kan vergelyk. (Ander vorms is nie in soveel variasies onderverdeel nie). Die hoogte van die eksemplare met vorm 01.15 wissel van 9 cm tot 16 cm. Die a/b-indeks wissel van 100 tot 145, met 'n klein konsentrasie tussen 100 en 105; d.w.s. die bekwydte is byna net soveel as die hoogte. 'n Totaal van 26 eksemplare is gemeet.

Vorm 01.16

Die "bekerbak"-variasies nrs. 01.07 tot 01.12 is om praktiese redes gesamentlik die klassifikasie-nommer 01.16 toegeken deur die rekenaar. "Bekerbakke" word dus as 'n enkele entiteit geklassifiseer as "vorm 01.16" om dit ook meer doeltreffend in statistiese tabelle met ander vorms te kan vergelyk. Die hoogte van die eksemplare met die vorm 01.16 wissel van 6 cm tot 18 cm. Die a/b-indeks wissel van 52 tot 97. 'n Grensgeval met die a/b-indeks van 100 het voorgekom, maar die algemene voorkoms daarvan het sodanig met die ander eksemplare in hierdie kategorie ooreengestem dat dit hierby ingesluit is. 'n Totaal van 63 eksemplare is gemeet.


Groep 02 : die bolvormige, neklose groep.

Vorm 02.01



Hierdie potvorm het min of meer 'n bolvorm wat in sommige gevalle neig na 'n effens platgedrukte bolvorm. Dit vertoon dus 'n sirkelvormige profiellyn wat in sommige gevalle effens neig na 'n ellipsvorm. Die bek is vernou. Dit wissel in hoogte van 8 cm tot 20 cm. Die a/b-indeks wissel van 65 tot 89; die c/b-indeks van 50 tot 74. 'n Totaal van 21 eksemplare is gemeet. (Vgl. foto 3).


Vorm 02.02



Hierdie potvorm het min of meer 'n bolvorm. Die profiellyn vertoon min of meer 'n sirkelvorm. Die bek is betreklik wyd. Die hoogte wissel van 11 cm tot 14 cm. Die a/b-indeks wissel van 72 cm tot 87 cm; die c/b-indeks van 80 tot 92.

'n Totaal van 4 eksemplare is gemeet. (Vgl. foto 29).


Vorm 02.03



Dit het min of meer die vorm van 'n halfbol. Die bek is net so wyd as die rompbreedte. Die hoogte wissel van 5 cm tot 14 cm. Die a/b-indeks wissel van 40 tot 60. Die c/b-indeks is 100.

'n Totaal van 9 eksemplare is gemeet. (Vgl. foto 2).

Vorm 02.04




Dit het min of meer dieselfde vorm as vorm 02.03, d.w.s. 'n halfbol. Die bek van vorm 02.04 is wyd; dit is ietwat nouer as die breedte van die romp. Die hoogte wissel van 9 cm tot 13 cm. Die a/b-indeks wissel van 54 tot 65; die c/b-indeks van 93 tot 96.

Slegs 4 eksemplare is gemeet. (Vgl. foto 30).

Groep 03 : die neklose groep wat 'n ellipsvormige profiel vertoon

Vorm 03.01



Dit het min of meer die vorm van 'n platgedrukte bol en vertoon 'n ellipsvormige profiel. Die bek is heelwat vernou. Die hoogte wissel van 5 cm tot 14 cm. Die a/b-indeks wissel van 38 tot 58; die c/b-indeks van 45 tot 69. 'n Totaal van 25 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto 28).

Vorm 03.02




Dit vertoon 'n ellipsvormige profiel. Dit het 'n wye bek wat effens nouer is as die breedte van die romp. Die hoogte wissel van 4 cm tot 10 cm. Die a/b-indeks wissel van 33 tot 37; die c/b-indeks van 92 tot 97. Slegs 3 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto 27).

Vorm 03.03




Die profiel het die vorm van 'n halve ellips. Die bek is net so wyd as die rompbreedte. Die hoogte wissel van 4 cm tot 11 cm. Die a/b-indeks wissel van 28 tot 39; die c/b-indeks is 100. Slegs 7 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto's 25 en 26).

Vorm 03.04




sy-
aansig



bo-aansig

Dit het 'n ellipsvormige profiel. Hierdie potvorm het egter 'n min of meer ellipsvormige planvorm, teenoor die ander potvorms wat deurgaans 'n sirkelvormige planvorm het. Die hoogte van vorm 03.04 wissel van 3 cm tot 9 cm. Die in-dekse is bereken oor die horisontale lengte van die eksimplare. Die a/b-indeks wissel van 30 tot 40; die c/b-indeks van 81 tot 100. (Vgl. foto 31).

Vorm 03.05



Hierdie potvorm is 'n grensgeval wat as 'n afwyking afsonderlik geklassifiseer word. Dit het 'n ellipsvormige profiel. Dit is 'n vlakker "pot" as potvorm 02.01, het 'n wyer bek as vorm 03.01 en is ook dieper as 03.02. Hoogte wissel van 7 cm tot 12 cm. Die a/b-indeks wissel van 50 tot 58; die c/b-indeks van 75 tot 92. Slegs 5 eksimplare is gemeet.

Groep 04 : die vlak, neklose groep

Dit is ook as die sg. "vlak bakke" of "dishware" bekend.

Vorm 04.01



Dit het 'n profiellyn met die vorm van 'n taamlieke plat ellips. Die bek is effens nouer as die rompbreedte. Die hoogte wissel van 3 cm tot 7 cm. Die a/b-indeks wissel van 21 tot 31; die c/b-indeks van 94 tot 98. 'n Totaal van 8 eksimplare is gemeet. (Vgl. foto 24).

Vorm 04.02



Dit het 'n profiellyn met die vorm van 'n taamlike plat ellips. Die bek is effens nouer as die rompbreedte. Die hoogte wissel van 3 cm tot 7 cm. Die a/b-indeks is 28 tot 31; die c/b-indeks is 100. Slegs 3 eksemplare is gemeet.


Vorm 04.03



Dit het 'n plat, deksel-agtige vorm. Die bek is feitlik net so wyd as die rompbreedte. Die hoogte wissel van 3 cm tot 4 cm. Die a/b-indeks is 12 tot 18; die c/b-indeks 97 en 98. Slegs 3 eksemplare is gemeet.


Groep 05 : die bolvormige groep met nekke

Vorm 05.01




Hierdie vorm het 'n bolvormige romp en 'n silindriese nek met 'n nou bek. Die aansluiting tussen die nek en romp vorm 'n skerp, duidelik gedefinieerde halslyn. Die nek is nie opvallend lank of kort nie. Slegs 1 eksemplaar is gemeet. Hoogte 27 cm. Die a/b-indeks is 96; die c/b-indeks 39; die d/e-indeks 20.
(Vgl. foto 32).

Vorm 05.02



Dit het min of meer 'n bolvormige romp en 'n silindriese nek met 'n wye bek. Die aansluiting tussen die nek en romp vorm 'n skerp, duidelike gedefinieerde halslyn. Die hoogte wissel van 12 cm tot 24 cm. Die a/b-indeks wissel van 75 tot 86; die c/b-indeks van 57 tot 86; die d/e-indeks 20 tot 23. Slegs 5 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto 33).


Vorm 05.03



Dit het naastenby 'n bolvormige romp. Die nek is dikwels geneig om kort te wees en gaan geleidelik oor in die romp, sodat 'n vae, swak gedefinieerde halslyn gevorm word. Die bek is meestal betreklik wyd. Hoogte wissel van 7.5 cm tot 33 cm. Die a/b-indeks wissel van 65 tot 97 met 'n effense konsentrasie tussen 76 en 86; die c/b-indeks van 52 tot 84 met 'n effense konsentrasie tussen 65 en 75; die d/e-indeks van 14 tot 31 met 'n konsentrasie tussen 21 en 25. 'n Totaal van 43 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto 1).

Groep 06 : die groep met nekke en ellipsvormige rompprofiële


Vorm 06.01



Die romp van hierdie vorm vertoon 'n ellipsvormige profiellyn. Die nek is silindries met 'n nou bek sodat die romp 'n wye pens vertoon. Die duidelike aansluiting van die nek met die romp vertoon 'n skerp, gedefinieerde hals. Die hoogte wissel van 15 cm tot 20 cm. Die a/b-indeks wissel van 55 tot 60; die c/b-indeks van 30 tot 44; die d/e-indeks van 25 tot 33. Selgs 2 eksemplare en gedeeltes van 'n derde eksemplaar kon gemeet word.

(Vgl. foto 35).


Vorm 06.02



Die romp vertoon 'n ellipsvormige profiel. Die nek is min of meer silindries met 'n middelmatige wye bek. Die duidelike aansluiting van die nek by die romp vorm 'n skerp gedefinieerde hals. Slegs 2 eksemplare is gemeet. Die hoogte wissel van 8 cm tot 21 cm. Die a/b-indeks wissel van 40 tot 57; die c/b-indeks van 55 tot 59; die d/e-indeks van 20 tot 27.


(Vgl. foto 36).

Vorm 06.03




Die romp van die vorm vertoon 'n ellipsvormige profiel. Die nek is silindries en in baie gevalle lank in verhouding tot die grootte van die vorm. Dit vorm 'n wye bek, sodat die romp 'n klein pensie vertoon. Die skerp aansluiting van die nek by die romp vorm 'n duidelike hals. Hoogte wissel van 5 cm tot 18 cm. Die a/b-indeks wissel van 36 tot 66; die c/b-indeks van 61 tot 80; die d/e-indeks van 23 tot 38. 'n Totaal van 16 eksemplare is gemeet. (Vgl. foto's 17 en 18).

Vorm 06.04



Die romp vertoon 'n ellipsvormige profiel. Die nek is silindries en in baie gevalle lank in verhouding tot die grootte van die vorm. Dit vorm 'n wye bek, sodat die romp 'n klein pensie vertoon. Die geleidelike oorgang van die nek na die romp vorm 'n minder skerp gedefinieerde, soms vae halslyn. Soms kan hierdie vorm moeilik onderskei word van vorm 06.06. Die hoogte van vorm 06.04 wissel van 4 cm tot 29 cm. Die a/b-indeks wissel van 36 tot 69; die c/b-indeks van 59 tot 87; die d/e-indeks van 17 tot 42. 'n Totaal van 9 eksemplare is gemeet. (Vgl. foto's 19 en 20).


Vorm 06.05



Slegs 2 nek- en hals-gedeeltes van hierdie vorm is beskikbaar. Die volledige vorm daarvan kon nie bepaal en gemeet word nie. Die nek daarvan vertoon 'n prominente ellipsvormige profiel. Die nek vorm 'n betreklike skerp, duidelike gedefinieerde hals waar dit by die romp aansluit. Die bek is vernou.


(Vgl. foto 37).

Vorm 06.06




Hierdie vorm kan soms moeilik onderskei word van vorms 01.08 en 06.04. Vorm 06.06 het 'n silindriese nek wat lank vertoon in verhouding tot die romp. Die bek is byna so wyd soos die rompbreedte. Die aansluiting van die nek by die romp vorm 'n vae, swak gedefinieerde hals. Die hoogte wissel van 5 cm tot 8 cm. Die a/b-indeks wissel van 38 tot 74; die c/b-indeks van 82 tot 92; die d/e-indeks van 42 tot 50. Slegs 4 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto 44).

Vorm 06.07




Hierdie vorm kan in sekere gevalle nie duidelik onderskei word van vorm 05.03 nie. Die vorm van die romp vertoon 'n ellipsvormige profiel. Die nek is nie besonder lank nie en vertoon 'n betreklik wye bek. Die aansluiting van die nek by die romp is baie geleidelik en vorm 'n vae, onduidelik halslyn. Die hoogte is 11 cm en 11.5 cm. Die a/b-indeks is 52 en 55. Die c/b-indeks is 71. Die d/e-indeks is 35 en 38. Slegs 2 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto 38).

Vorm 06.08




Die romp vertoon 'n ellipsvormige profiel. Die nek is baie kort en vorm feitlik net 'n soort lang lip. Die bek is betreklik vernou, sodat die romp 'n wye pens vertoon. Die aansluiting van die nek by die romp is skerp en vorm 'n duidelik gedefinieerde halslyn. Hoogte wissel van 9 cm tot 12 cm. Die a/b-indeks wissel van 58 tot 70; die c/b-indeks van 53 tot 77; die d/e-indeks van 5 tot 10. 'n Totaal van 7 eksemplare is gemeet.
(Vgl. foto 39).

Vorm 07.01



Die romp vertoon 'n ellipsvormige profiel. Dit het 'n kort nek met 'n betreklik wye bek. Die duidelike aansluiting van die nek by die romp vertoon 'n skerp gedefiniëerde hals. Die vorm lyk na 'n soort diep bak met 'n klein pens. Dit lyk na 'n variasie tussen vorms 06.03 en 09.01. Slegs 1 eksemplaas kon gemeet word. Hoogte is 8 cm. Die a/b-indeks is 35; die c/b-indeks is 78; die d/e-indeks is 20. (Vgl. foto 40).

Vorm 08.01



Die vorm het 'n wye bek met sykante wat bo wyer uitloop en na buite uitkrul. Dit het 'n neiging tot 'n klokvorm en het 'n bakvormige voorkoms. Slegs 1 eksemplaar kon gemeet word. Hoogte 8.5 cm. Die a/b-indeks is 40; die c/b-indeks is 100. (Vgl. foto 43).

Die 09-vorms: vlak bak-variasies

Vorm 09.01



Die romp vorm 'n plat, ellipsvormige profiel. Die nek is baie kort en is in baie gevalle slegs 'n verlengde lip wat opkrul na bo of na buite. Die bek is baie wyd; in sommige gevalle byna net so wyd as die rompbreedte. Die duidelike aansluiting van die nek by die romp verskaf 'n skerp gedefinieerde hals. Die romp vorm meestal 'n klein ronde pensie. Hoogte wissel van 3.5 cm tot 6 cm. Die a/b-indeks wissel van 14 tot 27; die c/b-indeks van 82 tot 92; die d/e-indeks van 12 tot 25. 'n Totaal van 7 eksemplare is gemeet. (Vgl. foto's 21 en 22).


Vorm 09.02



Die profiel van hierdie vorm varieer in 'n mate sodat dit soms moeilik onderskei kan word van vorm 09.01 of van vorms 04.01 en 04.02. Die romp vorm 'n plat, ellipsvormige profiel. Die nek is baie kort en is in baie gevalle slegs 'n verlengde lip wat wegkrul na bo of na buite. Die oorgang van die nek of lip na die romp is vaag, onduidelik. In sommige gevalle vorm die romp 'n ronde pensie; in ander gevalle feitlik glad nie. Slegs 1 eksemplaar kon gemeet word. Hoogte 5 cm. Die a/b-indeks is 22; die c/b-indeks is 95; die d/e-indeks is 17. (Vgl. foto 23).


Die 10-vorms : geskouerde eksemplare

Vorm 10.01



Die onderste deel van die romp is bolvormig of ovaalvormig. Die boonste deel vorm 'n skerp ronding in die vorm van 'n "skouer". Die nek is bo min of meer silindries maar onder verbreed dit om by die "skouer" aan te sluit. Die nek vorm 'n onduidelike hals waar dit by die romp aansluit. Die bek is betreklik nou. Slegs 2 eksemplare kon gemeet word. Hoogte wissel van 21 cm tot 29 cm. Die a/b-indeks is 72 en 91; die c/b-indeks 44 en 52; die d/e-indeks is 22 en 25. (Vgl. foto 34).

Vorm 10.02



Die onderste deel van die romp is bolvormig of ovaalvormig. Die boonste deel vorm 'n ietwat skerp ronding in die vorm van 'n "skouer". Die nek is bo min of meer silindries en onder verbreed dit om by die "skouer" aan te sluit. Die aansluiting van die nek by die romp is nie baie skerp nie en vorm soms 'n onduidelike hals. Die bek is betreklik wyd. Die eksemplare met hierdie vorm is oor die algemeen taamlik groot. Hoogte wissel van 25 cm tot 57 cm. Die a/b-indeks

(Vgl. foto 41).


wissel van 62 cm tot 119; die c/b-indeks van 43 tot 77; die d/e-indeks van 12 tot 23. 'n Totaal van 6 eksemplare is gemeet. Kan soms moeilik van vorm 10.01 onderskei word.

Vorm 10.03



Die vorm is nie presies bekend nie omdat weinig tekens daarvan gevind is. Die nek het min of meer 'n koniese vorm met 'n wye basis en 'n nouer bek; die aansluiting van die nekbasis by die romp neig daartoe om 'n "skouer" te vorm. Hierdie vorm verskil ietwat van vorms 10.01, 10.02 en 11.01.

Vorm 11.01




Hierdie vorm is ook as "kielvorm" bekend. Die romp is onder min of meer bolvormig maar bo vorm dit 'n absolute skerp skouerlyn waar dit aansluit by die nekbasis. Die bek is nie besonder nou nie; die nek verbreed duidelik tot waar die basis daarvan by die romp aansluit op ongeveer die breedste deel van die romp. Slegs 2 eksemplare is gemeet. Die hoogtes is onderskeidelik 6.5 cm en 7 cm; die a/b-indeks is 38 en 50; die c/b-indeks 64 en 68; die d/e-indeks 38 en 42. (Vgl. foto 42).

Vorm 12.01




Dit het die vorm van 'n vlakkerige bak. Die onderkant van die profiel vertoon 'n plat, ellipsvormige profiel. Die bokant daarvan hang skerp na binne oor in die vorm van 'n kort nek of verlengde lip. Dit het dus die vorm van 'n soort kielvormige vlak bak. Slegs een eksemplaar kon gemeet word, nl. die sg. "terracotta"-bak. Die hoogte is 6 cm; die a/b-indeks is 24; die c/b-indeks 88; die d/e-indeks is 14. (Vgl. foto 45).

Vorm 13.00



Die eksemplare met hierdie vorm is almal klein. Dit is ook bekend as "model pots". Sommige daarvan vertoon geen duidelik identifiseerbare vorm nie, terwyl ander lyk na onbeholpe nabootsings van ander potvorms. Dit is vermoedelik die pottelbakkers-pogings van kinders. Vanweë die vormloosheid van hierdie "vorm" kon geen betekenisvolle mate en indeksberekeninge daarvan gebruik word nie.

Vorm 14.01



Omdat slegs een potskerf in die Greefswald-versameling 'n gedeelte van hierdie vorm vertoon, kon hierdie vorm nie volledig gerekonstrueer word nie. Die identifiseerbare gedeelte daarvan stem ooreen met 'n bekende vorm wat op verskeie ander terreine in suidelike Afrika voorkom. Derhalwe word dit as 'n moontlike vorm hier in aanmerking geneem.

3.2 LIPVORM


Die lipvorms word hoofsaaklik uitgeken volgens die buigings, verdikkings, vlakke of fasette daarvan; asook die aard van die randgedeelte. Die rand van die lip is die boonste klein gedeelte waar die binnekant van die eksemplaar oorgaan na die buitekant daarvan. Vir beskrywingsdoeleindes word die lipvorm duidelikshalwe bespreek terwyl die lip in 'n regop (vertikale) posisie voorgestel word, selfs al is die posisie van die lip op die potvorm nie altyd vertikaal nie.

Vorm 01.1




Die binne- en buitekant van die vorm is reguit; die rand bo egalig rond.

Vorm 01.2




Die binne- en buitekant van die vorm is reguit; die rand bo is half rond, ietwat afgeplat.

Vorm 02.1



Die binne- en buitekant van die vorm is reguit; die rand bo is horisontaal afgeplat.

Vorm 02.2




Die binne- en buitekant van die vorm is reguit; die rand skuins afwaarts na binne afgeplat.

Vorm 02.3



Die binne- en buitekant van die vorm is reguit; die rand skuins afwaarts na buite afgeplat.

Vorm 03.1



Die binne- en buitekant van die lipvorm is reguit; die rand vertoon 'n horisontale afplatting bo met 'n skuins afwaartse afplatting na die binnekant toe.

Vorm 03.2



Die binne- en buitekant van die vorm is vertikaal en reguit; die rand vertoon 'n horisontale afplatting bo met 'n skuins afwaartse afplatting na die buitekant toe.

Vorm 03.3



Die liprand is bo horisontaal afgeplat; die lip is aan die binnekant vertikaal afgeplat; die lip vorm 'n puntvormige verdikking na buite aan die bokant daarvan.

Vorm 03.4



Die liprand is bo horisontaal afgeplat; die binne- en buitekant van die lip is vertikaal of effens afwaarts afgeplat.

Vorm 04.1



Die liprand is skerppuntig na bo; die buitekant van die lip is reguit; die binnekant daal met 'n boog skuins afwaarts na binne.

Vorm 04.2



Die liprand is bo rond; die buitekant van die lip is reguit; die binnekant daal met 'n boog skuins afwaarts na binne.

Vorm 04.3



Die liprand is effens rond; die binnekant van die lip reguit; die buitekant daal met 'n boog skuins afwaarts na buite.

Vorm 05.1



Die rand is puntig na bo; die binne- en buitekant daal elkeen met 'n boog skuins afwaarts.

Vorm 06.1



Die binnekant van die lip vertoon 'n konkawe buiging, die buitekant 'n konvekse buiging. Die liprand daal met 'n effense boog skuins afwaarts na binne. Geen verdikking kom voor nie.

Vorm 06.2



Die binnekant van die lip vertoon 'n konkawe buiging, die buitekant 'n konvekse buiging. Die liprand daal met 'n effense boog skuins afwaarts na binne en vorm 'n verdikking waar dit by die konkawe binnevlak van die lip aansluit.

Vorm 06.3



Die binnekant van die lip vertoon 'n konkawe buiging, die buitekant 'n konvekse buiging. Die liprand daal met 'n effense boog skuins afwaarts na binne. Die liprand vorm 'n punt na buite waar dit aansluit by die konvekse buitevlak.

Vorm 06.4




Die binnekant van die lip vertoon 'n konkawe buiging, die buitekant 'n konvekse buiging. Die liprand daal met 'n effense boog skuins afwaarts na binne en vorm 'n verdikking waar dit aansluit by die konkawe binnevlak van die lip. Die rand vorm 'n punt na buite waar dit aansluit by die konvekse buitevlak van die lip.

Vorm 06.5




Die binnevlak van die lip is konkav, die buitevlak konveks. Die liprand is bo afgeplat en daal skuins afwaarts na buite.

Vorm 07.1



Die binne- en buitekant van die lip is reguit; die rand bo horisontaal afgeplat en vorm 'n puntvormige verdikking na buite.

Vorm 07.2



Die binne- en buitekant van die lip is reguit, die rand vertoon 'n konvekse buiging na bo en vorm 'n puntvormige verdikking na buite.

Vorm 08.1



Die binnekant van die lip is reguit; die rand bo rond; die lip vorm 'n ronde verdikking na buite. Die verdikking is nie uitermate prominent nie.

Vorm 08.2



Die rand van die lip is bo rond of effens afgeplat; die lip vorm 'n ronde verdikking na binne en buite; die verdikkings is nie uitermate prominent nie.

Vorm 09.1



Die liprand is bo rond; die bokant van die lip buig na buite uit sonder om spesifiek 'n verdikking te vorm; die onderkant van die lip is reguit.

Vorm 09.2



Die liprand is normaalweg rond; die lip buig bo na buite oor en onder na binne.

Vorm 09.3



Die liprand is effens rond of puntig; die onderkant van die lip buig na die binnekant, omdat die potvorm sodanige profiel vertoon; die bokant van die lip lê egter skerp na buite oor.

Vorm 09.4



Die liprand is bo rond of puntig; die lip buig baie effens na buite oor, die onderkant na binne.

Vorm 10.1



Die liprand is bo horisontaal afgeplat of effens rond; dit verbreed prominent na buite.

Vorm 10.2




Die liprand is bo horisontaal afgeplat of effens rond; dit verbreed duidelik na binne.

Vorm 10.3



Die liprand is bo horisontaal afgeplat of effens rond; dit verbreed duidelik na binne en buite.

Vorm 11.1



Die lip vertoon 'n prominente groef of induiking wat parallel met die liprand om die bek van die potvorm loop.

Vorm 12.1



Die liprand is bo min of meer rond; die binnekant van die lip reguit; die buitekant van die lip vertoon 'n opvallende verdikking oor die volle breedte van die lip.

Vorm 13.1



Die lip buig skerp na binne; geen verdikkings kom voor nie.

3.3 Kleur

Elke klassifikasie-nommer wat uit twee syfers bestaan en aan dié betrokke kleur toegeken is, word hier vermeld tesame met die betrokke kleur.

Tydens die bepaling van attribuut-kombinasies en tipe-series word elke kleur egter duidelikheidshalwe op sy naam genoem, bv. "swart"; en die klassifikasie-nommers word dan nie gebruik nie.

Die derde syfer wat agteraan die twee syfers van die kleur-klassifikasienommer gevoeg word om aan te dui of swart tot grys kolle of areas op die betrokke eksemplaar voorkom of nie voorkom nie, word hier vermeld; en is ook op die klassifikasie-rekords van die betrokke eksemplare ingesluit. Die aan- of afwesigheid van hierdie verkleurings word egter nie gebruik tydens die bepaling van tipologiese attribuut-kombinasies of tipe-reekse nie omdat dit eerder die resultaat van tegnologiese of funksionele faktore is.

Die kleure van die onderskeie potwerk-eksemplare vertoon 'n verskeidenheid van skakerings van swart, grys, bruin en rooi. Die kleure tesame met hulle klassifikasie-nommers is die volgende.

- 01 : swart, lyk na "roet"-swart
- 02 : donkergrys
- 03 : liggrys
- 04 : donkerbruin
- 05 : ligbruin
- 06 : donker grysbruin
- 07 : ligte grysbruin
- 08 : donkerrooi
- 09 : ligrooi
- 10 : geelbruin
- 11 : rooibruin ("terra cotta")
- 12 : rooi en swart kleurvlakke (bikroom); dit kan spesifiek as 'n soort versieringselement beskou word.

- .0 : kleur egalig, bv. 05.0 = egalig ligbruin
- .1 : swart tot grys kolle of areas kom voor, bv. 05.1
= ligbruin met swart tot grys kolle of areas.

3.4 VERSIERINGS

Die versierings is ingedeel in 41 groepe, elk met 1 of meer variasies. Die groepe van versierings met hulle klassifikasie-nommers word eerstens kortliks beskryf; maar nie elke variasie word individueel beskryf nie. Daarna volg skematiese sketsvoorstellings van al die versierings-variasies tesame met die toepaslike klassifikasie-nommers. Die versierings bestaan uit prik-, stempel-, sny- en krapmerke in die oppervlakte van die potwerk-eksemplare.

Groep 00.01. Eksemplare wat nie versier is nie.

Groep 01. Dit is prik-, stempel- en snymerke wat gerangskik is in 'n horisontale enkelry, of in 2 of meer parallellopende horisontale rye. Variasie 01.01 is 'n enkelry prikmerke. Variasies 01.02, 01.03, 01.04 en 01.05 is eerder effens langwerpige stempelmerke as snymerke. Die ander variasies soos 01.09, 01.12 en ander is eerder snymerke as stempelmerke. Variasies 01.52 tot 01.54 is bandvormige chevron-motiewe.

Groep 02. Dit is 1 of meer horisontale lyne. Variasie 02.01 is 'n enkele horisontale lyn. Variasies 02.02 is 2 parallelle lyne; 02.03 is 3 parallelle lyne; 02.04 en 02.05 is 4 parallelle lyne, 02.06 tot 02.08 is 5 of meer parallelle lyne.

Groep 03. Dit is 'n enkele horisontale lyn (of "basislyn") wat gekombineer is met 'n verskeidenheid variasies van prik-, stempel- of snymerke. Variasies 03.27 tot 03.30 verteenwoordig spesifiek bandvormige chevron-motiewe. Variasies 03.32 en 03.33 sluit 'n driehoekige patroon in.

Groep 04. Hierdie groep word byna almal gevorm deur twee parallellopende horisontale lyne wat gekombineer is met 'n

"invulling" van prik-, stempel- en snymerke. Die "invulling" in variasie 04.05 is spesifiek langwerpige snymerke en dié in variasie 04.06 is stempel-agtige merke. Variasies 04.40 tot 04.47 is spesifiek chevron-motiewe. Die prikmerke in variasie 04.14 is onreëlmatig gerangskik, dié in variasies 04.77 en 04.78 is meer reëlmatig gerangskik.

Groep 05. Hierdie groep word hoofsaaklik gevorm deur drie horisontale parallelle lyne wat gekombineer is met verskillende variasies van invulling van prik-, stempel- en snymerke. Variasie 05.07 kom spesifiek bo-op die liprand van eksemplare voor. Variasie 05.14 is spesifiek 'n chevron-patroon.

Groep 06. Dit bestaan uit 4 of meer parallellopende horisontale lyne wat gekombineer is met variasies van invullings van prik-, stempel- en snymerke.

Groep 07. Dit bestaan uit 2 parallelle, horisontale lyne, gekombineer met enkele of dubbele chevron-lyne; verder gekombineer met verskillende variasies van invullings van prik-, stempel- en snymerke. Variasie 07.44 vorm 'n veel breër versiering as die ander variasies.

Groep 08. Dit bestaan uit twee parallelle, horisontale lyne wat gekombineer is met slingerlyne; verder kombineer met variasies van invullings van prik-, stempel- en snymerke.

Groep 09. Dit bestaan uit twee parallelle, horisontale lyne wat gekombineer is met diagonale dubbellyne, d.w.s. // -vormige motiewe; verder gekombineer met variasies van invullings van snymerke.

Groep 10. Dit bestaan uit twee parallelle, horisontale lyne wat gekombineer is met v-vormige motiewe; verder gekombineer met variasies van invulling met insnydings.

Groep 11. Dit bestaan uit twee parallelle, horisontale lyne wat gekombineer is met diamantmotiewe; verder gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Groep 12. Dit bestaan uit 'n bandvormige konsentrasie van diamantmotiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Groep 13. Dit bestaan uit kort of onderbroke bandvormige motiewe, gekombineer met diamantvormige of onreëlmatige motiewe, verder gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Groep 14. Dit bestaan uit variasies van 1 of meer horisontale chevron-lyne. Variasie 14.01 is 'n enkele chevron-lyn; variasie 14.02 is 'n dubbele chevron-lyn; variasie 14.03 is drie chevron-lyne; variasie 14.04 is vier tot 5 chevron-lyne; variasie 14.05 is 6 of meer chevron-lyne.

Groep 15. Dit is verskillende variasies van slingerlyne. Variasie 15.01 is 'n enkele slingerlyn, variasie 15.02 is 'n dubbele slingerlyn, variasie 15.03 is drie slingerlyne, 15.04 is 'n slingerlyn wat met 'n veelpuntige voorwerp soos die veselagtige punt van 'n gebreekte boomtak getrek is.

Groep 16. Dit is variasies van boogvormige lyne.

Groep 17. Dit is bandvormige en driehoekige versierings wat bestaan uit variasies van "kamstempel"-afdrukke; in verskeie gevalle gekombineer met ingesnyde lyne. Die stempel-afdrukke is nie besonder dig opmekaar gerangskik nie.

Groep 18. Dit is bandvormige versierings wat bestaan uit dig opmekaar gerangskikte kamstempel-merke. Verskeie variasies is gekombineer met ingesnyde lyne.

Groep 19. Dit is stempel-versierings waarvan talle variasies net gedeeltes gevind is. Variasies 19.01 tot 19.06 is "armband"-afdrukke; variasies 19.07 tot 19.09 is kamstempel-afdrukke wat in sekere gevalle gekombineer is met ingesnyde lyne.

Groep 20. Dit is driehoekige motiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke. Die driehoek is met die basis daarvan òf onder òf bo gerangskik.

Groep 21. Dit is driehoekige motiewe wat gekombineer is met variasies van invulling met prik-, stempel- en snymerke, verder gekombineer met bandvormige horisontale bande en variasies van invulling tussen die driehoek.

Groep 22. Dit is driehoekige motiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke; verder gekombineer met horisontale bandversierings wat eweneens 'n invulling met prik- stempel- en snymerke vertoon en bo- of onderkant die driehoek geplaas is.

Groep 23. Dit is enkele of dubbele reekse driehoekige motiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke; verder ook gekombineer met diamantvormige, bandvormige en ander motiewe wat elders op dieselfde eksemplare voorkom en eweneens ingevul is met variasies van prik-, stempel- of snymerke.

Groep 24. Dit is boog- of halfmaanvormige motiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- en snymerke. Dié motiewe kan met die basis òf bokant òf onderkant geplaas wees.

Groep 25. Dit is boog- of halfmaanvormige motiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke; verder gekombineer met bandvormige motiewe of invulling van een of ander aard tussen die halfmaanvormige motiewe.

Groep 26. Dit is boog- of halfmaanvormige motiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke; verder gekombineer met horisontale bandvormige motiewe wat eweneens ingevul is met prik-, stempel- of snymerke; die bandvormige motiewe onder- of bo-aan die halfmaanvormige motiewe.

Groep 27. Dit is die kombinasie van dubbele reekse halfmaan- motiewe, reekse halfmaanvormige motiewe gekombineer met bandvormige motiewe wat elders op die betrokke eksemplare voorkom; al hierdie motiewe verder ook gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Groep 28. Dit is kombinasies van driehoekige en halfmaanmotiewe, in sommige gevalle ook gekombineer met bandvormige motiewe; verder ook gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Groep 29. Dit is horisontale bandvormige motiewe, gekombineer met ander bandvormige motiewe wat elders op die betrokke eksemplare voorkom; verder gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Groep 30. Dit is losstaande diamantmotiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Groep 31. Dit is aanmekaar-geskakelde reekse diamantmotiewe, gekombineer met variasies van invulling met prik- of snymerke; soms ook verder gekombineer met bandvormige motiewe.

Groep 32. Dit is losstaande, v-vormige of min of meer soortgelyke motiewe, verder gekombineer met variasies van invulling met prik- of snymerke.

Groep 33. Dit is blaarvormige motiewe, gekombineer met variasies van invulling met snymerke; soms ook verder gekombineer met driehoek- of bandmotiewe wat ook ingevul is met snymerke.

Groep 34. Dit bestaan uit 'n uiteenlopende verskeidenheid van versieringsvariasies. Die variasies is hoofsaaklik saamgestel uit konsentrasies, rye, bande of diverse kombinasies van prik-, stempel- of snymerke.

Groep 35. Dit is ruwe, asimmetriese motiewe met geen invulling nie.

Groep 36. Dit is sirkelvormige tot asimmetriese motiewe, in sommige gevalle gekombineer met variasies van invulling met snymerke; in sommige gevalle verder gekombineer met horisontale lyne wat die reeks motiewe verbind.

Groep 37. Dit is min of meer reghoekige, vertikaal gerangskikte motiewe, meestal gekombineer met 'n deurlopende en horisontaal gerangskikte lyn of bandmotief aan die onderkant (soms aan die bokant) daarvan. Dit is verder gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke. Soms is dit verder ook gekombineer met driehoek-motiewe waarin òf geen invulling voorkom nie, of 'n invulling van variasies van prik- en snymerke voorkom. Variasies 37.27 tot 37.37 behoort klaarblyklik tot hierdie groep, maar is in so 'n mate gebreek en onvolledig dat 'n duidelike beskrywing nie daarvan gemaak kan word nie.

































Groep 38. Dit bestaan uit kort bande of rye van prik-, stempel- of snymerke wat vertikaal of skuins gerangskik is, normaalweg gekombineer met horisontale lyne, bandmotiewe of horisontale reekse driehoek- of halfmaanmotiewe; al hierdie motiewe normaalweg verder gekombineer met invulling van prik-, stempel- of snymerke. Variasies 38.38 tot 38.50 is in so 'n mate gebreek en onvolledig dat geen duidelike beskrywings daarvan gemaak kan word nie.

































Groep 39. Dit is baie soortgelyk aan groep 38. Groep 39 word egter veral gekenmerk deur skuins en meestal vertikale pylvormige motiewe, gekombineer met 'n invulling van prik-, stempel- of snymerke. Dit word verder ook gekombineer met horisontale lyne, bande of reekse van driehoeke wat eweneens gekombineer is met 'n invulling van prik-, stempel- of snymerke.

































Groep 40. Hierdie groep bestaan uit 'n verskeidenheid van eenaardige en nie-geometriese motiewe, in sommige gevalle gekombineer met 'n invulling van sny-, stempel- of prikmerke.


Groep 41. Hierdie groep bestaan uit ruwe, asimmetriese motiewe, nie-geometriese motiewe en gedeeltes van versierings wat sodanig gebreek is dat duidelike identifikasie onmoontlik is. Al hierdie motiewe is normaalweg gekombineer met variasies van invulling met prik-, stempel- of snymerke.

Die versierings word voorts met skematiese sketse soos volg voorgestel.

00.01 	01.01 	01.02 	01.03 
01.04 	01.05 	01.06 	01.07 
01.08 	01.09 	01.10 	01.11 
01.12 	01.13 	01.14 	01.15 
01.16 	01.17 	01.18 	01.19 
01.20 	01.21 	01.22 	01.23 
01.24 	01.25 	01.26 	01.27 
01.28 	01.29 	01.30 	01.31 
































01.32 	01.33 	01.34 	01.35 
01.36 	01.37 	01.38 	01.39 
01.40 	01.41 	01.42 	01.43 
01.44 	01.45 	01.46 	01.46 
01.47 	01.48 	01.49 	01.50 
01.51 	01.52 	01.53 	01.54 
01.55 	01.56 	02.01 	02.02 
02.03 	02.04 	02.05 	02.06 

































03.31	03.32	03.33	03.34
			
04.01	04.02	04.02	04.02
			
04.03	04.04	04.05	04.06
			
04.07	04.08	04.09	04.10
			
04.11	04.12	04.13	04.14
			
04.15	04.16	04.17	04.18
			
04.19	04.20	04.21	04.22
			
04.23	04.24	04.25	04.26
			













































































04.27	04.28	04.29	04.29
04.30	04.31	04.32	04.33
04.34	04.35	04.35	04.36
04.36	04.37	04.38	04.39
04.40	04.41	04.42	04.43
04.44	04.45	04.46	04.47
04.48	04.49	04.50	04.50
04.50	04.51	04.52	04.52































04.53	04.54	04.55	04.56
04.57	04.58	04.59	04.59
04.59	04.60	04.60	04.60
04.60	04.60	04.60	04.60
04.60	04.61	04.62	04.63
04.64	04.65	04.66	04.67
04.68	04.69	04.70	04.71
04.71	04.72	04.73	04.74
































04.74	04.75	04.76	04.77
			
04.78	04.79	04.80 ?	
			
